UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

B 1979

# DIE GESKIEDENIS-HANDBOEK OP SKOOL

## met besondere verwysing na Suid-Afrika

deur

ALWYN THEODORUS RAUBENHEIMER.

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van

die vereistes vir die graad van

M.Educ.

in die Fakulteit van Opvoedkunde,

Universiteit van Pretoria.

Pretoria,

November 1943.

Ingedien Januarie 1944.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUD.

**Inleiding.**

**HOOFSTUK I. Die Geskiedenishandboek in die Verlede. 2 - 21.**

Korrelasie tussen die onderwys van geskiedenis, en die handboek.

Eerste geskiedenishandboekies in Suid-Afrika.

Die geskiedenishandboek tussen 1890 en 1900.

**HOOFSTUK II. Die Geskiedenishandboek in die eerste kwart van die 20e Eeu. ble. 22 - 34.**

Anglisasie.

Vergelykende Studie.

Beter metodes en die vereistes van die Leerplan.

Vooruitgang van die Handboek.

**HOOFSTUK III. Die Geskiedenishandboek van Vandag. ble. 35 - 56.**

„Geskiedenis van Suid-Afrika", deur Dr. S.F.N. Gie - Deel I.

„Geskiedenis vir Suid-Afrika", deur Dr. S.F.N. Gie - Deel II.

Algemene beskouing oor die Geskiedenishandboeke van Dr. Gie.

„Suid-Afrikaanse en Algemene Geskiedenis", deur B.G. Lindeque, Deel I.

„Suid-Afrikaanse en Algemene Geskiedenis, deur B.G. Lindeque, Deel II.

Kenmerkende eienskappe van die Handboeke van Lindeque.

„Moderne Geskiedenis vir Afrikaners", deur Eric A. Walker.

**HOOFSTUK IV. Doel en Gebruik van die Handboek. ble. 57 - 66.**

Belangrikheid van die Handboek.

Die doel van die Handboek hang saam met die doel van die Geskiedenis-onderwys.

Die Handboek as een Hulpmiddel.

Maniere van gebruik van die Handboek.

**HOOFSTUK V. Die Ideale Handboek. ble. 67 - 83.**

Voorbeelde van die beste handboekies in gebruik in die laerskool.

Die moontlike Ideaal.

Geskiedenishandboekies vir die Laerskool.

Geskiedenishandboeke vir die Hoërskool.

Hulpmiddels wat aansluit by en uitvloei uit die Handboek.

---

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## INLEIDING.

Onderwys-metodes sluit die gebruik van boeke in en daarby die beste hulpboeke, n.l. handboeke vir elke vak.

Vir omtrent elke vak word 'n goeie handboek aangetref in elke skool. Daar die onderwys van Geskiedenis 'n belangrike rol speel in die kurrikulum van elke skool, is dit dus vanselfsprekend dat ook die Geskiedenis-handboek onontbeerlik geword het.

In hierdie verhandeling het ek my dit ten doel gestel om 'n beskeie poging aan te wend om aan te toon watter verlede die handboek reeds deurgemaak het; wat sy doel skyn te wees op ons skole; van watter gehalte die handboeke vandag is, en les bes, wat die handboek eintlik behoort te wees om aan sy doelstellinge te beantwoord.

Mag dit iets daartoe bydra om vir die onderwyser in Geskiedenis 'n weinig lig te werp op sy probleme in verband met die keuse en gebruik van handboeke om hom in sy vak te help.

---

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK I.

### DIE GESKIEDENIS-HANDBOEK IN DIE VERLEDE.

Korrelasie tussen die onderwys van geskiedenis en die handboek.

Daar geskiedenis as vak van onderwys nog betreklik jonk is in vergelyking met sommige ander skoolvakke, kan ons nie verwag om die eerste handboeke in hierdie verband ver terug te vind in die verlede nie.

Olive Shropshire (1) beweer dat die stelselmatige en doelbewuste onderwys van Geskiedenis nie verder terug dateer as die tyd van die Hervorming nie. Sy meen dat die mites en sages van die Grieke op hulle skole alleen gebruik was in diens van heldeverering, en dat met die Renaissance al die aandag gevestig was op die studie van die klassieke tale; dat in die Engelse skole Geskiedenis eers voorgekom het as brokkies historiese kennis uit woorde- en proseboeke wat saamgestel was vir die studie van die klassieke en dat hier dus groot gebrek aan kontinuïteit was.

Volgens genoemde skryfster was dit eers in die jaar 1582 dat die eerste handboek oor die Geskiedenis van Engeland deur die Privy Council in Engelse skole ingevoer is. Daarna, in 1635, is 'n skool opgerig deur Francis Kynaston vir „the education of the sons of gentlemen" en die geskiedenis wat moes geleer word, het bestaan uit:

„Helraldry, Blazon of Coats and Arms, Practical Knowledge of Deeds and Evidences, Principles and Processes of Common Law, Knowledge of Coins and Antiquities, Medals and Husbandry". (2)

In John Milton se Academy moes die seuntjies van nege jaar begin met geskiedenis in die vorm van Bybelverhale en dan oorgaan tot ander geskiedenis. Milton het aan geskiedenis-onderwys groot waarde geheg, waarskynlik onder invloed van Comenius, wat gesê het:

---

(1) The Teaching of History in English Schools - Olive E. Shropshire

(2) The Teaching of History in English Schools - Olive E. Shropshire 1936, p. 7.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„An acquintance with history is the most important element in a man's education, and, as it were, the eye of his whole life. The subject, therefore, should be taught in each of the classes (of the grammar schools) that our pupils may be ignorant of no event which has happened from ancient times to the present day". (3)

John Locke het ook geskiedenisonderwys beklemtoon: „in order that (the pupil) may have in his mind a view of the whole current of time and the several considerable epochs that are made use of in history". (4)

In the 19e eeu kry geskiedenis al meer en meer 'n belangrike plek in die kurrikulum van die private skole: Mevr. Sarah Trimmer het vanaf 1786 al handboekies begin skrywe, eers vir die studie van Bybelgeskiedenis en later vir die geskiedenis van Engeland.

John Ruskin was 'n groot voorstander van die onderwys van geskiedenis:

„His Ideal School would be provided with a library of history books, its walls hung with historical pictures, and in it history and literature would be taught for enjoyment". (5)

Hy stel dus die eise vir suksesvolle onderwys van geskiedenis nog veel hoër as slegs die gebruik van handboekies.

In die skole in Engeland is daar in 1870 veranderinge in die kurrikulum aangebring om geskiedenis 'n meer prominente plek te gee.

Deur die „Education Act" van 1902 het geskiedenis 'n verpligte vak geword in alle Engelse staatskole en so het dit gebly. Hoewel die „Board of Education" vandag vir laerskole nie vakke voorskrywe nie, tog besef die onderwysers self die waarde van geskiedenisonderwys en geskiedenis-handboeke dien orals as 'n nuttige middel

---

(3) The Teaching of History in English Schools - Olive E. Shropshir p. 8.

(4) idem: p. 9.

(5) idem: p. 19.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in hierdie verband.

In Holland vind ons een van die vroegste aanduidinge van 'n geskiedenis-handboek in die vorm van drie klein boekies in gesprek-vorm geskrywe. Dit was 'n leergesprek tussen vader en seun. Hulle was geïllustreer en anoniem uitgegee. Hulle behandel die wreedhede en onregte wat die Nederlande agtereenvolgens ondervind het van hulle vyande: Spanjaarde, Franse en Engelse. Die boekies was mooi versier met koper gravures. (6)

## EERSTE GESKIEDENIS-HANDBOEKIES IN SUID-AFRIKA.

In ons eie geskiedenis, soos kan verwag word, word deur De Mist die eerste melding gemaak van die onderwys van geskiedenis: Vir sy „Instituut" vir die opleiding van onderwysers, moes 'n persoon uit Nederland ontbied word om as hoof te dien, en sy bevoegdhede moes o.a. insluit:

„Dat hy, behalven de eerst nodige kunde in het spellen, spreeken, lezen, en sierlijk schrijven in de Nederduitsche taal, uit zichzelven, of door het tot zich neemen van een of meer Ondermeesters, zogenaamd Italiaansch - of Koopmans-Boekhouden, in de meest gebruiklijke levende taalen, en in de eerste beginselen van Wiskunde, Aardrykskunde, Vaderlandsche en Algemene Geschiedenis, en wat dies meer zij". (7)

Ook in sy Laer- en Latynse skole sou geskiedenis onderwys word, maar dan wel „in de geschiedenissen der Romeinsche en Griekseche Volken, en in de groote en beroemde daaden hunner Helden en Staatsmannen", met die oog daarop om bekwame staatsmanne vir die toekoms te vorm. (8)

---

(6) P.L. van Eck, Jr: Hoe't Vroeger was (Schetsen ter inleiding tot de Geschiedenis van Onderwijs en Opvoeding), 1927, pp. 90 - 98.

(7) School-Ordre van De Mist: Eerste Hoofdeel, Art. 21, D.

(8) Idem: Eerste Hoofdeel, Art. 27.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die eerste doelbewuste poging om 'n geskiedenis-handboekie ter gebruik van die skole daar te stel, was aangewend deur De Lima, n.l. „Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop", wat in 1825 verskyn het. Joseph Suasso de Lima was 'n merkwaardige man vir sy tyd en het in verskillende kapasiteite opgetree, o.a. as digter, vertaler, toneelskrywer, onderwyser, ens. In die begin van 1823 word hy aangestel as skoolmeester van die Evangeliese Lutherse Hoofskool aan die Kaap, 'n skool vir blankes van Lutherse oortuiging. (9)

As onderwyser moes De Lima die behoefte gevoel het aan 'n handboek vir die onderwys van geskiedenis, en so ontstaan sy „Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop". Die boekie is geskrywe in vraag- en -antwoord vorm, soos 'n katkisasieboek. „Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift" het dit glad nie gunstig beoordeel nie, soos blyk uit die volgende skerp-kritiese beskouing:

„Het oogmerk, waarmede gez. Heer dit werkje schijnt geschreven te hebben, komt ons voor te zijn geweest, het daarstellen van eene handleiding voor kleine Kinderen; en in der daad zoude het mogelyk daartoe nog al nuttig hebben kunnen zijn, indien niet op elke bladzyde, eene absurditeit of onwaarheid in het geschiedkundige gevonden wierd. Tot het bezonderlyk aanwijzen nu, van alle dezen, zoude er een aanmerkelijk groot boek worden vereischt; en wij verklaren geenen tijd noch lust te hebben, om ons met het analiseren van dit kreupel geschrijf, hetwelk ons toeschijnt beneden alle critic te zijn, op te houden". (10)

In ons dae word oor hierdie werkie gunstiger geoordeel, veral om sy kultuur-historiese waarde. Dr.F.C.L. Bosman meen ook dat dit baie nuttige mededelinge uit daardie tyd bevat en dat dit pedagogies op gesonder grondslag geskryf is „ bevatlik vir die kindervermoë". (11)

---

(9) Dr.F.C.L.Bosman: Drama en Toneel in Suid-Afrika, 1928, p. 259.

(10) Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift, Deel II, p. 438, 1825.

(11) Dr. F.C.L.Bosman: Drama en Toneel in Suid-Afrika, 1928, p.259.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met reg kan ons dan ook seker die gebreke van die werkie oorsien op grond van die feit dat dit die eerste van sy soort was. Sy kultuurhistoriese waarde kan altyd waardeer word.

Dr. I.D. Bosman (12) wys daarop:

„De Lima wou deur die kinders verstaan word en dat hy daarin geslaag het wil ons nie betwyfel nie".

Laasgenoemde skrywer gaan ook in enkele besonderhede om onjuisthede in die werkie van De Lima aan te toon:

„Die feite in die kronologie by De Lima was in die war. Die ontdekking van die Kaap gee hy vyf jaar te laat aan; Affonso d'Albouquerque kom in 'n geveg met die Hottentotte aan die Kaap in 1503 om, die jaar waarin die groot Portugees uit die Tagus seil om na 'n skitterende loopbaan twaalf jaar later, as 'n gebroke man voor Goa te sterf; die skipbreuk van St. Johannes in die omgewing van die mond van die Oemzimvoeboe in 1552, gee De Lima aan die Kaap, en wel in 1559. Van Riebeeck beweeg Here XVII om 'n verversingsplaas aan die Kaap de Goede Hoop aan te lê; hy koop grond van die Hottentotte en sterf daar. So wemel die foute op elke bladsy van die eerste geskiedenisboekie vir die skoolgaande jeug aan die Kaap". (13)

Verder voeg dieselfde skrywer ook daarby:

„Theal noem dit: ‚of more value now as a curiosity than as containing information'."(14)

Waarskynlik was daar in die dae van De Lima nog nie veel waarde geheg aan die onderwys van geskiedenis nie. In 'n reedsgenoemde tydskrif vind ons op 'n ander bladsy die volgende oor die vernaamste onderwys-vakke:

„Stoppen, lappen, het snijden en vervaardigen van Kleedingstukken, ens. en dan daarop het borduuren, knoopen en ander fyn

---

(12) I.D. Bosman: Dr. George Mc Call Theal as die Geskiedskrywer van Suid-Afrika, p. 11.

(13) idem: pp. 11 - 12.

(14) idem: pp. 12 - 13.

© University of Pretoria    Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

modewerk als toegift laten volgen. De muzijk is eene schoone wetenschap die in ledige uren eene aangename uitspanning verschaft, en, die op de regte wijze beoefend, het hart verheft --- Het dansen ---". (15)

Van die onderwys van geskiedenis vir meisies word geen melding gemaak nie. Buitendien was dit die tydperk van doelbewuste anglisasie deur die Britse Regering. Vir baie jare sou die enigste geskiedenis-handboeke wat daar sou kon wees alleen in Engels geskryf wees, en van Suid-Afrikaanse geskiedenis sou daar in die skole nagenoeg niks bestaan nie. En onwillekeurig dink 'n mens ook aan die latere treffende gediggie van C.P.Hoogenhout, n.l. „Foor-uitgang":

„Skole, waar ons seuns en dogters word ferbaster, en geleer, English History, English Grammar net so feul jou hart begeer". (16)

Die baanbrekers van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging moes o.a. natuurlik die behoefte aan geskiedenis-handboekies in Afrikaans geskrywe, gevoel het, en so ontstaan ook 'n paar pogings uit daardie tyd: Ons dink veral aan: „Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en Huissouwens" deur C.P.Hoogenhout, (17) en „Di Geskiedenis fan ons Land in di Taal van ons Folk", (1877) deur Ds. S.J.Du Toit. (18)

'n Volgende handboekie wat noemenswaardig is, is die deur J.H. Rose (1877). (19). In die voorwaard vind ons:

„Dit kleine werkje is opgesteld met het oog op kinderen en ouderen, die geene gelegenheid hebben meer uitvoerige geschiedverhalen te lezen. De stukken zijn ten deele uit het Hoogduitsch

---

(15) Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift, Deel III, p. III, 1826.

(16) Letterkundige Leesboek - A.K.Bot & M.S.B.Kritzinger, pp. 30 - 31, 1926.

(17) Idem: p. 29.

(18) Idem: p. 7.

(19) J.H. Rose: Verhalen uit de Algemene Geschiedenis voor Scholen en Huisgezinnen.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Güttersloher Jugendfreund) vertaald en ten deele oorspronkelijk. Een of twee stukken zijn ook verkort of gewijzigd, uit het Volksleesboek overgenomen."

Die boekie is gekenmerk deur grote Godsdienstigheid en begin ook dadelik deur die toentydse geskiedenis uit te lê in die lig van Daniël se gesigte in Openbaringe. Dit behandel onderwerpe uit die Fenisiese, Assyriese en Babyloniese tydperke tot by Duitsland en Frankryk na die Napoleontiese Oorloë, met 'n laaste hoofstuk oor Suid-Afrika onder die titel van „Ons Vaderland", waarin ons die volgende aantref:

„Zuid-Afrika wordt niet dikwels vereerd met den naam van ‚Vaderland'. Weinigen noemen het zoo. De reden is, omdat Afrikaanders gewoon zijn, het land hunner voorvaderen, Holland, Engeland of Duitsland, als hun vaderland te beschouwen. Het zal wel met de tijd komen, maar tot nog toe is maar heel weinig vaderlandsliefde onder ons".

Hierdie opvatting word egter duidelik weerspreek deur Dr. Theal:

„All their attachment and all their interests were centred in South Africa and, though no one had any deep love for a particular locality, everyone had a strong affection for the country as a whole. They called themselves Afrikaanders, a term in common use at least as early as 1735". (20)

In die „Slotwoord" van Rose se boekie tref ons weer die moraliserende aan:

„Genoeg echter hebt gij gelezen, om te zien dat de geschiedenis des menschdoms als ware het in bloed geschreven is" -----

„Nog heeft de Satan groote magt op de aarde en verleidt hy de volken".

Dit is 'n klein werkie, 92 bladsye, met kort hoofstukkies en

---

~~(19) xJxHxRosex~~
(20) Theal: Hist. and Ethnog. of S.A. III, pp. 285 - 6, aangehaal deur E.G.Malherbe: Education in South Africa (1925) p. 19.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heeltemal onderhoudend geskrywe, maar die skrywer is baie duidelik daarop uit om die geskiedenis as moralisasie-middel te gebruik.

In dieselfde jaar as die boekie van Rose, n.l. 1877, verskyn ook 'n tweede uitgawe van Theal se boek oor geskiedenis en aardrykskunde, waarvan die eerste reeds in 1874 die lig gesien het. (21)

In sy voorwoord sê die skrywer:

„The newspapers, magazines, gazettes, and bluebooks of the last eighteen years may be classed generally as sources from which knowledge has been derived". Sy werk is egter gebaseer op argivaliese studie wat kenmerkend is van al die latere werke van Theal wat nog hierop sou volg. Hier het ons 'n aantal betreklike lang hoofstukke met waardevolle informasie en soos ook weer in die Voorwoord gesê word:

„Accuracy and brevity have been the points chiefly aimed at". Dit was 'n voorloper van die latere „ Geskiedenis van Zuid-Afrika".

'n Noemenswaardige werkie van die jaar 1885, is die van A. Wilmot, vir skoolgebruik. (22) Dis ook 'n klein boekie van 95 bladsye in 'n kort, bondige en eenvoudige styl, met maklike sinnetjies vir kinders bedoel. Die geskiedenis vanaf die ontdekking van die Kaap word behandel tot 1878. Dit bevat baie feite en is feitlik te kompak geskrywe. Baie van dieselfde stof is later gebruik vir sy breed-opgesette boek:

„The Story of the Expansion of South Africa" wat in 1895 verskyn het.

Voor 1890 het ons geskiedskrywing nog maar swak gevorder en skoolhandboeke kon nie maklik afgelei word van die bestaande werke oor geskiedenis nie.

As ons die geskiedenishandboeke of boeke wat nou hieraan

---

(21) G.M.Theal: Compendium of S.A.History & Geography, 1877.

(22) A.Wilmot: History of the Cape Colony, for the use of Schools, 1885.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verwant is tot 1890, in oënskou neem, dan kom ons tot die gevolgtrekking dat die oes nog uiters skraal was. Daar was min werklike handboeke vir gebruik in ons skole. Die wat daar wel was het aan baie gebreke gely: Daar was onjuisthede, te grote beknoptheid en te duidelike strekkinge, veral in die rigting van die Godsdiens. Die geskiedenis was nog te veel vir 'n doel gebruik. Eers met Theal kry ons die opvatting: „Only what actually took place remains to be recorded in history". (23)

## DIE GESKIEDENISHANDBOEK TUSSEN 1890 EN 1900.

Met Theal kry ons 'n mylpaal in die ontwikkeling van die Geskiedenishandboek en daarom is die jaar 1890 van besondere betekenis.

Volgens Dr. I.D. Bosman (24), het Theal nie onafgebroke aan die „History of South Africa" gewerk nie, want deur die Parlementslede en lede van die Kaapse Departement van Onderwys, was die versoek aan laasgenoemde gerig om geskiedenisboeke saam te stel wat geskik sou wees vir skoolgebruik. Hierdeur het Theal se werk 'n nuwe betekenis gekry, want verkorte uitgawes in Nederlands en Engels is in die bereik geplaas van baie lesers en veral in die van die ontwikkelende jeug. Die manuskripte is deur President Reitz in Nederlands vertaal en die eerste van die reeks was: „Korte Geschiedenis van Zuid-Afrika, van 1486 tot 1814", wat in 1890 verskyn het; 'n tweede, bygewerkte uitgawe tot 1835 het in die daaropvolgende jaar die lig gesien.

Dr. I.D. Bosman meld verder dat die Vrystaatse en Transvaalse regerings ooreengekom het om die boek van Theal teen kosprys te verkoop en dat President Reitz President Kruger beweeg het

---

(23) I.D. Bosman: Dr. George Mc Call Theal as die Geskiedskrywer van Suid-Afrika: p. 119.

(24) idem: p. 44.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

om vyfhonderd eksemplare vir die Transvaalse regering aan te koop. (25)

Hierdeur het Theal se handboeke in gebruik geraak in die skole van albei Republieke en ook later in die van die Kaapkolonie, want ons vind verder:

„Die werk wat reeds klaar was, is verkort, en vervolg tot 1896, en het te s'-Gravenhage in 1897 in een band verskyn. Ook hier het Theal voldoening vir sy arbeid gevind, want nie alleen was elke lid van die Kaapse ministerie in sy skik daarmee nie, maar Sir Langham Dale, destyds Superintendent van Onderwys vir die Kaapkolonie, het op 'n Engelse uitgawe aangedring". (26)

Behalwe sy buitengewone argivaliese kennis en outentieke korrektheid, het Theal baie deugde gehad. Dr. I.D. Bosman (27) wys daarop dat die teks na aanleiding waarvan die rede by die graf van die vermaarde geskiedskrywer uitgespreek was, gelui het: „Hy het ons volk lief". In hierdie liefde moet ons dan die sleutel vind tot veel waarvan in sy werk tot uiting kom; in die lig hiervan sien ons sy verdediging van die koloniste en sy bewondering vir die deugde wat hy in hulle gevind het.

Genoemde skrywer (28) wys verder daarop dat Theal 'n gelowige man was, waardeur hy die wil en werking van God in die historiese gebeure erken het. Hy het die hele ontwikkelingsgang van die mens in breë perspektief gesien, volgens die ewige wet van God:

„God's law of progress". (29)

---

(25) idem: p. 45.

(26) idem: p. 45 - 46.

(27) idem: p. 120.

(28) idem: p. 128.

(29) idem: p. 128.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hier het ons geen kleinlike moralisasie, soos by baie ander skrywers van geskiedenishandboekies nie, want Theal het nie vir ons probeer preek nie.

Dit is ook geen wonder dat Theal se werke gedien het en nog dien as bronne vir die skrywe van handboeke oor die geskiedenis van ons land nie. Hy het baie navolgers gehad.

Die eerste verkorte werk van Theal het bestaan uit 'n boek van 276 bladsye, en was vertaal deur President Reitz, met die uitsondering van drie hoofstukke wat vertaal was deur W. Robertson. (30) Hierdie handboek is deeglik en boeiend geskryf en baie aandag is aan besonderhede gegee, veral wat die tyd van Van Riebeeck betref. Hier het ons eerste-handse kennis van feite en die loop van die geskiedenis kom nie fragmentaries voor nie maar as 'n aaneenskakelende geheel. Leerlinge kon die inhoud deeglik bestudeer en dan vir eie gebruik opsom en kort aantekeninge maak.

Die skrywer het veel gebruik gemaak van statistiese gegewens en die hele boek is ryk aan informasie. Hier is ook 'n tiental kaarte, party gekleurd, om die ontwikkelingsgang van die geskiedenis aan te toon. Die kaarte is deur Sir Gordon Sprigg verskaf. Nog altyd bly hierdie werk 'n nuttige handboek vir gebruik in hoërskole want op die inhoud kan nie veel verbeter word nie.

In 1890 het ook 'n handboekie oor geskiedenis en aardrykskunde verskyn, deur F. Beswick, Hoof van die Queenstownse Hoërskool. (31) Daar dit egter nie veel meer is as 'n kronologiese oorsig van gebeurtenisse, wat die geskiedenis betref, verdien dit hier nie ons aandag nie.

---

(30) Theal: Korte Geschiedenis van Zuid-Afrika, 1486 - 1814, 1890.

(31) F. Beswick: History and Geography of South Africa, 1890.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Nederlandse geskiedenisboekie wat waarskynlik in Transvaalse skole in gebruik was, en waarvan ons 'n eksemplaar in besit van Prof. S.P.Engelbrecht van Pretoria gevind het, dateer uit 1891. Dit was anoniem uitgegee deur J.C.Juta. (32) In die voorwoord lees ons:

„De stukken zijn ten deele uit het Hoogduitsch (Gütersloher Jungendfreund) vertaald en ten deele oorspronklijk. Een of twee stukken zijn ook verkort en gewijzigd, uit het Volksleesboek overgenomen".

Hierdie boekie van 92 bladsye kan vandag beskou word as 'n kuriositeit. Dit het nie alleen 'n Godsdienstige strekking nie maar is geheel en al Godsdienstig. Hiervan getuig die inhoud, sowel as die in die ooglopende opskrifte van die hoofstukke: „Het begin van het Godsryk", „God straft de Romeinen door slechte Keizers", ens. Die skrywer probeer dan ook die wêreldgeskiedenis uitlê in die lig van die profesieë van Daniël, vanaf die Egiptenare tot by die begin van die geskiedenis van Suid-Afrika. Hy kom dan ook tot die slotsom: „Nog heeft de Satan groote magt op de aarde en verleidt hy de volken". (33)

In 1892 volg 'n geskiedenis-handboek deur G.A. Ode', sekretaris van die Departement van Onderwys van die Zuid-Afrikaanse Republiek. (34) Hierdie boekie ontleen sy inhoud aan die handboek van Theal en bevat baie min wat as oorspronklik kan beskou word. Die skrywer het egter die eerlikheid om te erken in sy voorwoord:

---

(32) Verhalen uit de Algemene Geschiedenis, 1891. (Dit is na alle waarskynlikheid net 'n enigsins gewysigde uitgawe van die reedsgenoemde boeke van J.H.Rose. Selfs die voorwoorde kom ooreen.

(33) idem: p. 91.

(34) G.A.Ode': „Die Geschiedenis van Zuid-Afrika in schetsen en verhalen, voor de scholen in Z.A., 1892.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Den ingewijde in de geschiedenis van ons volk zal het blijken, dat het voortreffelijke studieboek van den heer G.M. Theal, Geschiedenis van Zuid-Afrika van 1486 - 1814 mij een onschatbaar leiddraad is geweest". Hier kom alleen twee gekleurde kaarte voor wat ook ooreenkom met die van Theal.

'n Belangriker handboek in dieselfde jaar in Holland uitgegee en in die Transvaalse skole gebruik was die deur die Nederlandsch Z.A. Vereeniging. (35) Die boek was opgedra aan President Kruger en die Volksraad van die Transvaalse Republiek. In die opdrag word gesê:

„Sedert vele jaren voert de Zuid-Afrikaansche Republiek een zwaren strijd ter handhaving van hare nationaliteit, hare taal, haar volkskarakter. Wat wij in Nederland kunnen doen om haar in dien strijd te steunen, is betrekkelijk weinig; veel minder dan wij zouden wenschen".

Die heer Aitton te s'Gravenhage het die boek geskryf in opdrag van die Ned. Z.A. Vereeniging in ooreenkoms met 'n plan van die „Commissie voor Hollandsche studiebeurzen te Pretoria", soos in die voorrede verklaar word. Hier word ook gesê:

„Ons leesboek begint daarom met eene beknopte geschiedenis van de Christelijke kerk waarin aangewezen wordt, hoe zij in den loop der eeuwen ontaard is, zoodat de Hervorming noodzakelijk werd". Hier is die Godsdienstige strekking weer onmiskenbaar. Die ontstaan van ons geskiedenis word in verband gebring met die van die Nederlande. Met die bespreking van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, word ook telkens gewys op die verband met ander wêreldgebeure in die 17e en 18e eeue. In kort word die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek gegee. Aitton erken in die laaste hoofstukke dat hy baie gebruik gemaak het van die navorsinge van Theal.

---

(35) Leesboek over Geschiedenis, voor scholen in de Zuid-Afrikaansche Republiek. Uitgegeven door de Nederlandsch Z.A. Vereeniging. (Amsterdam, J.H. de Bussy - 1892.)

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maar Aitton se werk sou nog altyd nuttig wees omdat dit 'n voorgeskiedenis bevat wat Theal nie in sy boeke gehad het nie, en omdat dit verder gegaan het as 1835.

Nie alleen vir Transvaalse skole nie, maar ook vir die van die Oranje Vrystaat was die jaar 1892, sowel as 1893 vrugbaar op die gebied van handboeke. 'n Handboek oor aardrykskunde en geskiedenis maak sy verskyning, deur 'n kommissie wat deur die Volksraad benoem was om skoolboekies te vervaardig. (36)

Voorin hierdie handboek is 'n kaart van die Oranje Vrystaat, saamgestel volgens dokumente in die argief van die Landmeter-Generaal, deur J.J.Herfst in Oktober 1891. Weer vind ons die strekking uiters Godsdienstig, soos o.a. blyk uit die laaste paragraaf:

„Terwijl wij dit kort overzicht der voornaamste gebeurtenissen van het ontstaan van onzen Staat tot zijn tegenwoordige ontwikkeling besluiten, kunnen noch willen wij nalaten de jeugd van ons land, voor wie dit werkje bestemd is, te wijzen op de wonderbare leiding der Goddelijke Voorzienigheid, die den Staat uit een klein begin, na een tijdperk van lange onzekerheid, tot de tegenwoordige mate van bloei en volksgeluk gebracht heeft, allereerst aan God en daarna aan de dappere en getroue mannen, die gedurende het 38-jarige bestaan onzer Republiek, goed en bloed voor hun land hebben veil gehad".

Daar word nou meer doelbewus te werk gegaan om te voorsien in die behoefte van die kind en so vind ons in 1893 die welkome verskyning van Nico Hofmeyr se mooi boekie: „Kijkjes". (37) Voorin 'n latere werkie van dieselfde skrywer (38), sê Prof. J. du Plessis in 'n lewenskets oor Hofmeyr die volgende:

---

(36) Aardrykskunde en Geschiedenis van den Oranjevrijstaat. (Bloemfontein. O.V.S. Nieuwsblad Maatschappij - C.Barckenhagen - 1892).

(37) N.Hofmeyr: Kijkjes in Onze Geschiedenis, 1893.

(38) idem: Kykies vir Kinders, Deel II, 1933.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Gedurende sy verblyf in Bloemfontein as Hollandse redakteur van ,De Express', het Hofmeyr, in 1893, sy eerste historiese werkie uitgegee, naamlik,Kijkjes in Onze Geschiedenis' - wel te onderskei van sy teenswoordige reeks ,Kykies vir Kinders'. Kijkje is in Nederlands geskryf, en was bedoel soos die subtitel sê, as 'n ,Leesboek voor School en Huisgezin'. Opgestel in die Vrystaat, bevat die werkie ook verskeie hoofstukke wat gebeurtenisse uit die Vrystaatse geskiedenis skets. ,Kijkjes' kan egter nie eintlik 'n geskiedenis heet nie; dit is daarvoor te beknop. Dit bestaan uit toneeltjies uit die geskiedenis lewendig en boeiend beskryf, en is juis bereken om 'n kind liefde in te boesem vir sy land en volk se roemryke verlede. ,Kijkjes' was spoedig in gebruik, nie slegs in al die skole in die Vrystaat nie, maar ook in Transvaal en in die Kaapkolonie. Dit was dan ook die eerste werkie van sy soort. By sy verskyning het Dr. W.J. Viljoen gesê: ,Dit boek zal carriére maken én voor zichzelf én voor de schrijver'. En so was dit ook. Reeds in 1921 kon Hofmeyr daarop roem dat daar tot op datum meer dan 100,000 eksemplare verkoop was - 'n ware ,best-seller'!"

Hierdie boekie is verdeel in kort hoofstukkies oor vername persone en gebeurtenisse vanaf die ontdekking van die Kaap tot die slag van Majuba. Die skrywer maak gebruik van 'n kort, gemoedelike verteltrant, bereken om die kind se aandag te boei. 'n Paar gedigte deur die skrywer self, kom ook voor, o.a. „Het roemrijk sneuvelen van Louw Wepener" en „Een Zuid-Afrikaansch Volkslied". Die Universiteit van Pretoria is nog in besit van 'n prageksemplaa in geel leerband met gekruisde vlae, in kleure, van die twee Republieke daarop.

In 1895 verskyn 'n handboek van 258 bladsye deur A.Wilmot, wat toon dat geskiedenis meer en meer onpartydig beskou word. (39) Waarskynlik was hierdie gesonde rigting in die ontwikkeling van

(39) A.Wilmot: The Story of the Expansion of South Africa.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die geskiedenis-handboek aan Theal te danke. Wilmot sê b.v. in verband met die Glenelg-politiek:

„Utterly foolish and unjust though it was, and probably the cause of the subsequent Kafir wars, it had, nevertheless, a wonderful effect upon the expansions of Southern Africa, as when Pieter Retief remonstrated with indignation and without effect, 6000 people of his own nationality followed him into the interior, determined at all risks to find a home where they could live without fear of taxes, unjust government, and the ignorant or malicious interference of distant rulers" (40) Oor die moord van Retief vind ons:

„While they were unsuspectingly enjoying his hospitality, Dingaan issued the fatal order to his young soldiers, who easily overpowered the few unarmed emigrants, and having put them to death, bore their bodies off to a hill, on which criminals were executed, and where their corpses lay to be feasted upon by flocks of vultures hovering over the place". (41) Oor die slag van Majuba het die skrywer die volgende beskouing:

„Sir George Colley, Governor of Natal and High Commissioner, saw an opportunity of which he determined to take the utmost advantage, but his zeal and headstrong courage unfortunately exceeded either his experience or ability". (42)

Dit is hier duidelik dat Wilmot nie 'n Engelsman is wat blind is vir die foute van lede van sy eie volk nie. Hy gebruik 'n kleurryke en beskrywende verteltrant wat dit aangenaam maak om die boek te lees, nie alleen vir die skoolkind nie, maar vir enigeen wat belangstel in geskiedenis.

Hierdie boek verskil aanmerklik van die handboekie van J.

---

(40) idem: p. 116.

(41) idem: p. 128.

(42) idem: p. 164.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Whiteside. (43) Laasgenoemde het ook in die negentagier jare verskyn en dit behandel die geskiedenis van Suid-Afrika tot in 1894, in die kort bestek van 107 bladsye, ingedeel in kort lessies. Die feite is hoofsaaklik uit Theal geneem. Agterin is daar 'n alfabetiese lys van name met kort aantekeninge daarby. Daar is ook eksamenvrae, gekenmerk deur die waarde wat geheg word aan datums en jaartalle. As voorbeeld noem ons die volgende:

„Assign dates to the following events: Landing of Van Riebeeck, Arrival of British Settlers, Emancipation of Slaves, Appearance of Makana, Prophecy of Umhlakaza, Arrival of Huguenots, War of the Axe, Battle of Muizenberg".

Oor die algemeen is dit duidelik dat feite-kennis hier hoofsaak was en nie insig in die gebeure nie. Die leerlinge moes nog gekatkiseer word in geskiedenis. Tog is dit te begryp dat hierdie boekie juis om genoemde eienskappe baie byval gevind het as 'n handboek, deurdat feite, al sou hulle ook sonder verband wees, van meer belang was as historiese insig in die gang van die geskiedenis. Daarom word selfs die veertiende edisie bereik in 1918, toe dit egter uitgebrei is tot die gebeure van 1902, met byvoeging van portrette en illustrasies.

'n Bekende handboekie is ook die van H.B. Sidwell, soos hy self voorin sê, geskryf om as hulp te dien vir sy mede-onderwysers. (44) Oor Dirkie Uys lees ons:

„Three Zulus fell beneath the young hero's hand, and then, pierced through and through by a score of spears, he fell dead from the saddle. Long may the memory of that noble deed remain; the picture of the gallant Boer boy, flinging away his life in

---

(43) Rev. J. Whiteside: A New School History of South Africa, with brief biographies and Examination Questions (Juta & Co.) 1894.

(44) H.B. Sidwell: The Story of South Africa, 1900.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the vain endeavour to succour his perishing father, is one that should never fade from South African History, and from the minds of South African boys, be they English or Dutch". Ongelukkig sien ons in die volgende reël:

„ Not every land can boast a boy-hero like young Piet Uys". (45)

Oor die Vrystaatse Diamant-kwessie skryf Sidwell as volg:

„ The diamond districts were claimed by the Free State Government, but the Grqua chief, Waterboer, whose tribe dwelt there, denied this claim. At Waterboer's request, in 1871, Sir Henry Barkly took the Griquas of that part, and their country, under British protection. The Free State looked upon this as an injustice, but in 1876 the matter was finally settled by the payment of £90,000 to the Free State by the British Government, and the Republic withdrew its claim". (46)

Hierdie werkie is kort en saaklik geskrywe, soos vir kinders bedoel was, maar ongelukkig is dit nie ontbloot van vooroordeel en verkeerde beklemtoninge in die geskiedenis nie.

Uit die jaar 1900 dateer ook 'n klein geskiedenis-handboekie, deur Theal, vir gebruik in laerskole: „ Theal's Little History of S.A." Dit word gekenmerk deur 'n aangename, eenvoudige verteltrant in kort hoofstukke met kort sinne met kursief-gedrukte feite.

Die feite word onpartydig beskou en dit behels die Suid-Afrikaanse Geskiedenis vanaf die vroegste inwoners tot by die begin van die Tweede Vryheidsoorlog. Agterin is 'n kronologiese lys van gebeurtenisse.

Die Geskiedenis-onderwys van die negentiger jare, soos deur die handboeke weerspieël, het hoofsaaklik daaruit bestaan om die kind met feite-kennis toe te rus, soos ons gesien het, veral in die werk van Whiteside en Sidwell, o.a. Daarby was die onderwys

---

(45) idem: p. 94.

(46) idem: p. 122.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die Kaapse skole maar alte eensydig. Dr. O'Kulis (Ds. W. Postma) (47) beskryf die toestand as volg:

„Die wat meen dat ons Vaderlandse Geskiedenis geleer het, het di heeltemal mis. Dit is soos ek sê: Cape History. Ons handleidings was: Wilmot, Whiteside, Leith en Sidwell. Wat ons uit daardie boekies mooi geleer het was feite, klipharde feite en datums, datums en feite. Die stigting van die Kaapkolonie, die verdrukking deur die Hollanders, die Kaffer-oorloë, naam, plek, dag en datum agtermekaar. Van die groot trek het ons gehoor, maar die regte oorsake het ons nooit gehoor nie. Slagtersnek was 'n betreurenswaardige omstandigheid, veroorsaak deur ‚rebel boers'. Die voortrekkers was met een woord 'n spul klipkoppe en dwarstrekkers wat dit lastig gevind het om onder wet en orde te leef, en wat daarom altyd verder getrek het (glo om sonder wet en orde te leef?) Die trekkers was mense wat hulle moes skaam dat hulle nie die seëninge van die Britse bestuur gewaardeer het nie. Van die swarte ommegang, van die streke van dr. Van der Kemp en sy liewe boeties en sussies het ons nooit gehoor nie. Van die gedurige skade en verdriet, die Boere aangedaan deur die swartgoed, word geen woord gerep nie".

Verder sê hy:

„Cape History verneder 'n Boer se hart, maak van hom 'n agterryer in sy eie land, en vorm hom in die meeste gevalle tot 'n jingo of 'n weeluis". (48)

Nog verder:

„Dr. Theal en meer ander Engelse en verder die naakte feite, soos dit nog deur ons ouers bekend was, toon aan dat die ou Boervolk vrome, stille fatsoenlike en verstandige mense was, wat oneindig veel meer verdra het van 'n Kaffer en 'n Engelsman as wat

---

(47) Dr. O'Kulis: Die Eselskakebeen, 1909: pp. 43 - 44.

(48) idem: p. 45.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaffers en Engelse van mekaar verdra". (49)

Hierin het ons 'n beeld van die geskiedenisonderwys in baie skole aan die end van die 19e eeu en die begin van die 20e; maar dit is hier gesien deur die bril van 'n satirikus in 'n styl wat herinner aan Langenhoven. Seer seker is dit oordrewe maar dit bevat ongetwyfeld ook 'n groot mate van waarheid. Ook die Engelse geskiedenis, sowel as aardrykskunde, wys hy, word ook in die beste voue gelê; propaganda en anglisasie was die oogmerk:

„Dit was die geskiedenis van die aarde of Groot-Brittanje. Die geskiedenis van die ander lappies grond (Duitsland, Frankryk, ens. was net van soveel waarde as wat dit in verband gestaan het met die British History, en dan was dit ook nie nodig om daar meer van te sê nie as dit net te noem". (50)

In sy kritiek oor „Die Eselskakebeen" sê Dr. P.C.Schoonees o.a. „Dit is ook die outobiografie van etlike Afrikaner geslagte wat nog vir 'n tiental jare na die Anglo-Boere-oorlog gekreun het onder dieselfde treurige onderwysstelsel deur hom beskryf". (51)

Verder aan in dieselfde kritiek lees ons ook:
Die eensydige onderwys uit die ‚Royal Reader', oor ‚British' en ‚Cape History' en ‚Geography', ens. word met satiriese skerpsinnigheid aan die kaak gestel". (52)

Dit lei ons egter tot die ontwikkeling van die geskiedenis-handboek in die Twintigste Eeu en soos ons hom vandag aantref in ons skole.

---

(49) idem: p. 46.

(50) idem: p. 50.

(51) Dr. P.C.Schoonees: Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Taal-beweging: p. 543.

(52) idem: p. 544.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK II.

## DIE GESKIEDENIS-HANDBOEK IN DIE EERSTE KWART VAN DIE 20e. EEU.

### Anglisasie.

Soos ons in die vorige hoofstuk gesien het, sou die proses van verengelsing in ons skole nog vir baie jare na die Tweede Vryheidsoorlog voortduur, soos reeds deur Ds. W. Postma in „Die Esels kakebeen" beskrywe. (1) Die Anglisasie-politiek op hierdie gebied is alreeds begin of verskerp in die kampskole:

„Gedurende die oorlog is deur die Engelse in die besette gedeeltes aan die Boere alle taalregte ontneem. Mnr. E.B.Sargent, wat deur Lord Milner as Direkteur van Onderwys vir die twee Republieke benoem is, het hom daarop toegelê om in die kampskole deur middel van die kinders die imperiale gedagtes by die volk ingang te laat vind. Geskikte onderwysers vir hierdie doel het hy uit Engeland en die Britse Kolonies ingevoer. Self het Sargent in 1903 aan Lord Milner geskryf:

‚Ons moet 'n beroep doen op Engeland en die broers en susters van die manne wat vir die Ryk geveg het, hulle vra om oor te kom om dié deel van die werk te verrig wat hul manlike familielede nie in staat was om te voltooi nie'. ‚Wat ons hier nou nodig het, is vroue, hoogs bekwame onderwyseresse, met 'n sterk vaderlandsliefde, wat bereid sal wees om hierheen te kom en die ontberinge van die kamplewe te deurstaan om die kinders van die burgers ons ideale te onderwys. Leer die kinders langsamerhand ook ons groot imperiale ideale.'" (2)

Dit is dus te begryp dat die geskiedenis-handboek ook hierdie strekking duidelik sal toon, as 'n weerspieëling van die gees

---

(1) Dr. O'Kulis: Die Eselskakebeen, 1909: P.p. 43 - 44.

(2) G.S. en P.J.Nienaber: Die opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal: p. 46.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

van die tyd. In 1901 verskyn 'n breed-opgesette handboek van die hand van A.Wilmot. (3) Dit bevat 'n oorsig van die vernaamste gebeurtenisse in ons land vanaf die vroegste tye tot die begin van die Tweede Vryheidsoorlog. Die boek is baie eensydig geskrywe, met 'n duidelike mate van vooroordeel teen die Boere. Vir die Afrikaanssprekende kind sou dit seker nie die gewenste handboek gewees het nie. Hier word ook nog teveel waarde geheg aan blote feite-kennis en daar is 'n volslae gebrek aan illustrasies. Vir die gemiddelde leerling sou die boek weinig aantreklikheid besit het.

Dat baie handboeke na die verowering van die twee Republieke deur Engeland 'n angliserende strekking toon, is so vanselfsprekend dat dit hier nie verdere kommentaar nodig het nie. Graag wil ons aantoon dat daar ook tekens van verbetering sigbaar word in die ontwikkeling van die geskiedenis-handboek. Vanaf 1909 veral, skyn daar 'n neiging te ontstaan om meer aandag te skenk aan vergelykende studie. Die geskiedenis van ons land word nie meer gesien as 'n losstaande geheel nie, maar as 'n samehangende verhaal met die wêreld-gebeure as 'n groot geheel. In hierdie opsig maak die handboek dan veel vooruitgang.

## Vergelykende Studie.

Die boekie van C.D.Hope in 1909, was 'n voorloper op die gebied van vergelykende studie. (4) Die verband tussen Suid-Afrikaanse en Europese geskiedenis word hier treffend aangedui, hoewel illustrasies nog heeltemal ontbreek.
Laasgenoemde boek is vertaal in Nederlands deur P.H. van der Velde en P. Imker Hoogenhout en uitgegee onder die titel: „Onze Plaats in de Geschiedenis". Voorin vind ons 'n tydkaart, lyste van Kommandeurs en Goewerneurs, hoë Kommissarisse, ens.

---

(3) A.Wilmot: Manual of S.A.History, 1901.

(4) C.D.Hope: Our Place in History, 1909.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die werkie bestaan uit 191 bladsye en kan as 'n deeglike vergelykende studie beskou word, Suid-Afrika gesien in die lig van wêreld-gebeure.

Mej. A.S.Bleby het ook vergelykende werk gedoen deur haar handboekie van 1911. (5) Hier word behandel die geskiedenis van Suid-Afrika, ook vanaf die vroegste tye tot by die anneksasie van Natal. Telkens word die verband met die buiteland aangetoon. Voorin is 'n lys van jaartalle en die werkie is redelik voorsien van kaarte. In Deel II volg ook die geskiedenis van die twee Republieke tot die stigting van die Unie, asook die Britse Koloniale ontwikkelinge in Kanada en Australië.

H.C.Girdlestone, 1912, was in staat om omtrent die beste handboek tot in daardie jaar te skrywe. (6) Hierdie handboek is gebaseer op bogenoemde werke van C.D.Hope en Mej. Bleby. Hierin vind ons Europese geskiedenis vanaf die Renaissance tot die Engelse Rewolusie van 1688, met 'n kort oorsig van Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf die ontdekking tot 1750. Hier is ook kaarte en syskrifte en 'n kort samevatting aan die end.

Hierna verskyn 'n deeglike geskiedenis-handboek deur Marie Hartill. (7) Ongelukkig kon ons die datum nie vasstel nie, maar dit is opgedra aan Sir Thomas Muir, toe reeds gewese Superintendent van Onderwys in die Kaapkolonie, en hy het afgetree as sodanig in 1915, volgens dr. E.G.Malherbe. (8)

---

(5) A.S.Bleby: South Africa and the British Empire.

(6) H.C.Girdlestone: Europe: Its Influence on South Africa, 1912.

(7) Marie Hartill: Maskew Miller's Nieuwe Geschiedenis van Zuid-Afrika tot 1920. (Hollandse uitgawe deur J. Dijksterhuis).

(8) E.G.Malherbe: Education in South Africa (1652 - 1922). p. 168.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die voorwoord van Marie Hartill se boek vind ons die volgende:

„In dit boek is het de bedoeling geweest om wat leven toe te brengen aan het kale geraamte van historiese feiten in onze geschiedenis door verband te zoeken met het geschiedkundig leven van Holland, Engeland en Frankryk.

In het vervaardigen van dit boek moest het materiaal van veel zijden vergaderd worden. In dit opzicht is onze dank verschuldigd aan Dr. Theal vooral, voor de moeite die hij zich heeft gegeven in de korrektie van sommigen van de kaarten. Eveneens aan Mej. Kathleen Cornish en Mej. Edith Slater, mede-onderwijzeressen".

Hier word dus weer klem gelê op die vergelykende studie en erkentlikheid aan Dr. Theal. Die skryfster het haar dus veel moeite getroos om die feite so getrou moontlik weer te gee deur goeie outoriteite te raadpleeg.

Ook 'n tweede deel van hierdie werk het later verskyn met medewerking van Edith D. Slater (9). In die voorwoord deur Prof. Geo. Cory vind ons ook weer die erkentelikheid aan Dr. Theal:-

„Veel informatie op het onderhavig histories gebied die tans ten dienste staat van de gewone lezers zowel als van de studerenden, hebben wij in alle erkentelikheid te danken aan de arbeid van de terecht vermaarde Dr. Theal, die, tot nu toe meer dan iemand ander er zoveel toe bijdroeg de kennis van de Geschiedenis van Z.Afrika te verbreiden".

Ons vind ook dat die handboek in die vroëre jare van die Twintigst Eeu aanmerklike veranderinge ondergaan om aan te pas by beter metodes van geskiedenisonderwys en by die direkte vereistes van die Leerplan.

## Beter Metodes en die vereistes van die Leerplan.

In Deel II van die reeds vermelde handboekie van Mejj. Hartill

---

(9) Marie Hartill en Edith D. Slater: Maskew Miller's Geschiedenis van Zuid-Afrika, vanaf 1820 tot Heden, Deel II.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

en Slater word in die voorwoord deur die skryfsters gewys op die betere metodes wat hulle beoog:

„In dit boek is een poging aangewend om belangwekkend materiaal bijeen te brengen en het op verstandige wijze aaneen te schakelen, om zodoende de nauwgezette onderwijzer de arbeid te vergemakkeliken in het leren van de les door de klas interessanter en van meer nut te doen zijn dan dikwels 't geval is.

Het boek is zò ingedeeld, dat de eigen provincie van de leerlingen het eerst kan behandeld worden en in meer biezonderheden dan de andere, indien zulks gewenst voorkomt". (10)

Verder vind ons:

„Wij noemen in 't biezonder Dr. Theal en verder de heren Wyatt Tilby, F. Cana, J.P.Voigt en Ed.Hr. A.Wilmot". (11) Boeke van gemelde persone was geraadpleeg, om so die beste te vind wat omtrent die geskiedenis geskrywe was. Hierdie boek bevat ook baie illustrasies en kaarte en so sien ons dat die handboek in baie opsigte duidelike vooruitgang maak.

Intussen verskyn ook ander handboeke wat baie verdienstelik is. Noemenswaardig is veral „Maskew Miller's Short History of South Africa and its People" in 1909. (12) Voorin word verklaar:

„Compiled from the published volumes and still unpublished manuscriptes of Geo. M.Theal, Litt., D.LL.D., and arranged for use in Schools by Thomas Young, Principal of the Sea Point Boys' High School".

In die voorwoord van die hand van Theal self lees ons:

„Of the various small histories of South Africa drawn from my volumes, this is the only one authorised by me".

---

(10) idem.

(11) idem.

(12) Thomas Young: Maskew Miller's Short History of South Africa and its People, 1909.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Hierin word behandel die geskiedenis van Suidelike Afrika met sy verskillende rasse, in 'n kort bestek van 212 bladsye, met 'n tydkaart agterin. Daar is ook 'n Hollandse uitgawe en later 'n Afrikaanse, albei vertaal deur F.W.Reitz. Die Afrikaanse edisie is aansienlik verbeter deur die toevoeging van talryke illustrasies en kaarte. In 'n eksemplaar in besit van Dr. S.P.Engelbrecht vind ons voorin in die handskrif van A.K.Bot die volgende verklaring in 1919 geskrywe:

„Een veel gebruikt handboek, waarvan dit 'n Afrikaanse editie is. Komt reeds lang voor op de boekelijst in Engelse en Hollandse edities".

'n Boekie wat besonder baie informasie bevat is die van Dr. E.C. Godeé-Molsbergen, Hoogleraar, Victoria College, Stellenbosch. (13) Dit gee ongelukkig nie die indruk weer van 'n deurlopende verhaal nie maar lyk meer op 'n versameling van die leraar se aantekeninge vir sy studente. Dit bevat ook 'n tydkaart en 'n uiteensetting van die Konstitusie van die Unie van Suid-Afrika.

Meer en meer word die handboek nou gevorm en verander om aan te pas by die behoeftes van die skool en die leerplan, soos ook blyk uit die handboek van P. Imker-Hoogenhout en P.H. v.d.Velde.(14) Dit is geskrywe om te voorsien in die behoeftes van die Kode vir Transvaalse skole. Grepe uit die Algemene Geskiedenis vanaf die Grieke tot die eerste inname van die Kaap deur Engeland kom hierin voor. Die inhoud is sistematies ingedeel in 36 „lesse", in plaas van hoofstukke, met agterin 'n lys van vrae oor elke hoofstuk. In die voorwoord sê die skrywers:

„We hebben, waar het mogelijk was, de Algemene Geschiedenis in verband gebracht met die van Zuid-Afrika". Later het ook 'n tweede

---

(13) Dr.E.C.Godeé-Molsbergen: Geschiedenis van Zuid-Afrika voor Schoolgebruik, 1910.

(14) P.Imker-Hoogenhout en P.H.v.d.Velde: Schetsen uit de Geschienis. (Tweede Druk, 1914).

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

deel verskyn.

Hierdie boekies is vergelykende studies, van baie illustrasies voorsien, maar ook veral toegespits op die leerplan.

In 1914 word ook 'n geskiedenis-handboekie uitgegee vir die gebruik van klein kindertjies, deur Dr. Godeé-Molsbergen. (15) Alleen grepe uit die geskiedenis word behandel, vanaf die stigting van die Kaap tot 1910. Die boekie moes gebruik word saam met die „Atlas" deur dieselfde skrywer. (16) Hierdie aanskoulike metode moes veel bydra tot die doeltreffende onderwys van geskiedenis vir klein kindertjies.

'n Boekie wat veel in ons skole gebruik was, is die van A.K. Bot, omdat dit toegespits was op die Leerplan van Standerd VI vir Transvaalse skole. (17) Hierin kom voor 'n oorsig van die algemene geskiedenis vanaf Koningin Elizabeth tot Koningin Victoria. Die „Burgerplichten" word veral beklemtoon omdat dit in die leerplan vereis word.

'n Veelomvattende handboek is die van Eric Stockenström. (18) Dit was so opgestel dat dit kon aanpas by die Matrikulasie-leerplanne van die verskillende provinsies in ons land. Dit is 'n boek wat vir baie jare 'n groot afsetgebied gehad het en alom bekend was. Die inhoud bestaan uit kort, saaklike hoofstukke in kort paragrawe verdeel. Belangrike sake, name, ens., is kursief gedruk om meer ooglopend voor te kom. Na elke hoofstuk word 'n lys van boeke aangegee wat verder geraadpleeg kan word. Die boek is dus nie soseer op argivaliese ondersoek gebaseer, soos die van Theal nie, maar wel saamgestel uit informasie uit ander boeke ver-

---

(15) Dr. E.C.Godeé-Molsbergen: Mijn Eerste Geschiedenislesjes, 1914

(16) Dr. E.C.Godeé-Molsbergen en Joh.Visscher: Zuid-Afrika's Geschiedenis in Beeld. Platen-atlas. Met 350 platen.

(17) A.K.Bot: Algemene Geschiedenis en Burgerplichten, 1918.

(18) Eric Stockenström: Handboek van die Geskiedenis van Suid-Afrika tussen 1652 en 1892, (1921).

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kry.

Dit is ryklik voorsien van illustrasies, bestaande uit potloodtekeninge, etse, portrette, sketskaarte, ens. Party hoofstukke is in punte verdeel, b.v. in verband met die Britse Setlaars van 1820; die Glenelgstelsel, e.a. Tot op datum van sy verskyning was dit seker die beste handboek vir die gebruik van hoërskole. Hierdie handboek was prakties, nuttig en doeltreffend. 'n Leerling moes maar net die inhoud leer en kon dan in die Matrikulasie-eksamen slaag, selfs met weinig hulp van die onderwyser.

Tog ontbreek hier die nodige vergelykende studie en hoewel die leerling in sy eksamen kan slaag deur die inhoud te ken, sal dit hom nog aan historiese perspektief ontbreek. Hierin sal die handboeke van Gie en Lindeque van veel meer betekenis wees.

Vir die gebruik van die Laerskool moet ons nog een merkwaardige boekie noem, n.l. 'n boekie deur Nico Hofmeyr, wat na die dood van die skrywer, persklaar gemaak is deur Prof. J. du Plessis (19).

Hoofpersone en -gebeurtenisse word hierin behandel vanaf 1806 tot kort voor die Groot Trek. Die styl is baie gemoedelik, opgewek en dramaties. Die skrywer laat die historiese persone in die verbeelding in lewende lywe optree, praat en handel. Prof. J. du Plessis sê in die inleiding:

„Die kenner van die geskiedenis van daardie gewigtige kwarteeu, 1810 tot 1835, sal wel bemerk dat daar soms fiksie met die historie gemeng word, dog dit is historiese fiksie, net soos die toesprake wat die groot Griekse historikus Thucydides in die mond van sy helde lê".

## Vooruitgang van die Handboek.

Behalwe gemelde handboeke het nog baie andere verskyn, vir

(19) N.Hofmeyr: Kykies vir Kinders - Deel II, 1933.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die gebruik van beide laer- en hoërskole. Alleen treffende voorbeelde is vermeld, om sodoende die ontwikkelingsgang van die geskiedenishandboek aan te toon en veral klem te lê op die kenmerkende eienskappe van die handboek in die verlede.

In kort wil ons nou net 'n vergelyking tref tussen 'n paar van die vroegste bruikbare handboekies en die wat ons vandag het. Vir die laerskool kan ons neem die van A. Wilmot:

„<u>History of the Cape Colony, for use in Schools</u>," 1871.

'n Latere uitgawe van hierdie boekie, n.l. die van die jaar 1885, het ons alreeds genoem.

Hier het ons 'n klein boekie, met kort hoofstukkies en met 'n kort inhoud vooraf by elke hoofstuk. Suid-Afrikaanse geskiedenis word behandel van die ontdekking af tot by die einde van Sir George Grey se regering. Die skrywer vermeld alleen feite, maar slaag nie daarin om ons 'n duidelike beeld van die staatkundige, ekonomiese en maatskaplike aangeleenthede voor die gees te roep nie. Dit sit nie samehangend in mekaar nie, deur gebrek aan beklemtoning van oorsaak en gevolg. Die leerling kan deur die studie van hierdie boekie geen historiese perspektief kry nie, want vergelykende studie ontbreek geheel-en-al.

Hier word met groot eerbied gepraat van die werk van die sendelinge en die mening uitgespreek dat laasgenoemdes baie trots kan wees op die baie skole en kerke wat vir die heidene opgerig is. Van die kleurlinge word gesê:

„Among the coloured inhabita nts, there linger, of course, the distinguishing traits of indolence and self-indulgence; yet those who frequent the streets of Cape Town, and the neighbouring villages of Stellenbosch, Paarl, and Worcester, cannot fail to be struck with the quiet, good-tempered, and restful demeanour of what are called, perhaps by euphemism, ‚our working classes'. The solemn services of the Christian Church are regularly attended by hundreds of those whose parents were elevated from heathenism

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



to the profession and practice of Christianity". (20).

Hierdie boekie toon dus 'n duidelike Godsdiens-strekking en bring die leser onder die indruk dat die mate van beskawing en bekering wat die kleurlinge deurgemaak het , tot die belangrikste gebeurtenisse uit ons geskiedenis behoort. Graag sou ons meer wou gesien het van die ontwikkeling van die land en volk op ander gebiede ook.

Geen bepaalde leerplan is nog hier in die oog gehou nie en daarom kon so 'n boekie nie beantwoord aan die vereistes vir skoolgebruik nie. Die onderwyser sou baie moes byvoeg om die leemtes aan te vul, om lewe aan die blote feite te gee en die leerling vir die grootse verlede van sy land met 'n bietjie geesdrif te vervul. Die boekie bevat ook geen kaarte of illustrasies, geen tydkaarte, bladwyser of vrae nie; boonop is dit baie klein gedruk op 'n swak-gehalte papier. Met die gebruik van hierdie boekie op skool (en dit moes gebruik word deur gebrek aan beter) sou daar maar min geesdrif vir die studie van geskiedenis by die leerling kon gewek word.

By wyse van vergelyking kan ons nou hierteenoor 'n moderne laerskool-geskiedenisboekie plaas en die verskil sal hemelsbreed wees. Ons neem b.v.

„South African History", vir Standerd VI deur M.A.Malan. Hierdie werkie is geskrywe vir 'n bepaalde leerplan, n.l. vir die Standerd Ses van die Kaapse skole. Dit is voorsien van 'n aantreklike druk, goeie papier en 'n netjiese, stewige buiteband wat veel gebruik sal kan verduur. Dit bevat 'n groot aantal illustrasies in die vorm van tekeninge en foto's van historiese persone, geboue en standbeelde.

Die inhoud is verdeel in duidelike paragrawe met vetgedrukte opskrifte en gekursifeerde name van persone en plekke, sowel as

---

(20) A.Wilmot: History of the Cape Colony, for use in Schools, 1871: p.p.120 - 121.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gebeurtenisse.
Feite word logies gegee met duidelike beklemtoning van oorsake en gevolge. Die hele inhoud sit goed inmekaar en etlike plekke word feite puntsgewyse aangegee, soos b.v. die Petisie teen W.A. v.d. Stel en die Oorsake van die Groot Trek, e.a. Ons vind hier ook goed-versorgde kaarte, aan die hand waarvan die inhoud van die boekie kan bestudeer word.

Agterin is 'n lys van eksemenvrae, wat met groot voordeel kan gebruik word om leerlinge voor te berei en af te rig vir die eksamen.

'n Mens moet die twee genoemde boekies eintlik langs mekaar lê om die groot verskil aan te toon en te kan sien hoe die geskiedenishandboek vir die laerskool vooruitgegaan het vanaf 1871 tot vandag.

Vir gebruik in die hoërskool vind ons die oudste bruikbare geskiedenishandboek die van George M. Theal:

„Compendium of South African History and Geography", 1874.

Hierdie werk het in twee boekdele verskyn en bevat betreklike lang hoofstukke met baie informasie en is gebaseer op deeglike argivaliese en statistiese studie. Vir sy tyd was dit die enigste wat enigsins bruikbaar was vir hoërskole. Dit bevat dus nog baie leemtes in vergelyking met die handboeke wat ons vandag besit. Soos die genoemde boekie van Wilmot bevat hierdie boek ook nie die inhoud vir 'n bepaalde leerplan nie. Dit ontbreek ook vergelykende studie, word gekenmerk deur die totale gemis aan kaarte en illustrasiesen is uiters onaantreklik in voorkoms.

Die inhoud van Theal se boek is ook glad nie suiwer geskiedenis nie, maar soos die titelblad aandui, 'n samevatting van geskiedenis en aardrykskunde, in meeste gevalle eers 'n aardrykskundige inleiding vooraf en dan die geskiedenis van die bepaalde landstreek.

Hoewel Theal hier, soos in al sy latere werke, baie aandag wy aan noukeurige feitekennis, is die werk ook nie vry van 'n strekking nie. Hy lê veral klem op die morele vooruitgang soos hy in sy

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voorwoord aanstip:

„One object kept in view was to point out the moral as well as the material advancement of the country". (21)

So ook vind ons die beklemtoning van die morele in verband met die vrystelling van die slawe en die vernietiging van die „reprisal"-stelsel:

„As long as those systems endured, moral progress was impossible. When they were destroyed, men acquired clearer and juster ideas of their duties and responsibilities. More humane and liberal opinions began to be formed, and in course of years have spread among the whole European race in South Africa". (22)

Die Godsdiens-strekking is by Theal ook baie duidelik aanwesig; in verband met die bekering van die kleurlinge lees ons:

„Perhaps no nation in the world is more tenacious of ancestral customs than this. But the faith of all their ancient superstitions have been shaken, and though they retain their old customs, that which gave life to these is gone. As a whole the nation has thus made one step forward". (23)

Om nou dit kort saam te vat, kom ons tot die gevolgtrekking dat die geskiedenishandboek baie vooruitgang gemaak het. Eers vind ons dat die handboek sekere strekkings, godsdienstig, moreel, ens., bevat het en dat daar baie gebreke was wat betref die hulpmiddels wat ons vandag so onontbeerlik vind in enige goeie handboek, n.l. illustrasies, kaarte, vergelykende studie, ens.

Langsamerhand tree vergelykende studie in en die plek van ons geskiedenis in die wye perspektief van wêrelsgebeure moes bepaal word. Beter metodes van geskiedenis-onderwys word nagestreef en

---

(21) George M. Theal: Compendium of South African History and Geography, Deel II, 1874.

(22) idem: p. 56.

(23) idem: p. 85.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die handboek moes al meer en meer voorsien in die behoeftes van die leerplanne. Ook word gestrewe na groter outentieke juistheid en hier word nog altyd gebruik gemaak van die werke van Theal as groot historikus. Meer illustrasies word bygevoeg, meer kaarte daarby geteken en die geskiedenishandboek bereik 'n vorm en doeltreffendheid wat in die 19e eeu ongekend was.

In die volgende hoofstuk word enige van die moderne geskiedenishandboeke vir die gebruik van hoërskole bespreek om aan te toon wat ons nou werklik besit op die gebied van geskikte handboeke en in hoeverre hulle ook nog aan sekere gebreke ly.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK III.

### DIE GESKIEDENIS-HANDBOEK VAN VANDAG.

Om te voorsien in die behoeftes van die onderwys in verskeie vakke, het daar in die laaste jare 'n groot verskeidenheid van handboeke verskyn. Die onderwys van geskiedenis is hierin nie 'n uitsondering nie en so het 'n groot aantal geskiedenis-handboeke van die hand van bekwame skrywers aan die lig gekom. Om 'n beskouing oor almal of die meeste van hulle te gee sou 'n taak op homself wees alte groot om binne die bestek van hierdie verhandeling te val.

Tog meen ek dat dit nie onvanpas sou wees om 'n paar van die beste handboeke hier nader te beskou nie, om meer duidelikheid te hê omtrent die gehalte van werk wat op hierdie gebied tot sover gedaan is.

### „GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA", deur Dr. S.F.N.GIE.
### (Deel I).

Hierdie boek is blykbaar nie vir 'n bepaalde leerplan geskrywe nie, maar die vorm en inhoud is van sodanige aard dat dit wel altyd nuttig kan wees vir die gebruik van die hoogste klasse van die hoërskole van enige van die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika.

Die Voorwoord is van belang omdat eerstens, die skrywer ons laat sien waarom geskiedenis bestudeer word en tweedens, hy ons laat verstaan wat sy doel is met hierdie spesifieke handboek.

#### Boek I.

Die inleidende paragraaf gryp dadelik die leser aan deur die bekoring van mooi, beeldryke taal en oortuigende styl:

„In hierdie eerste boek sal uiteengesit word, waar die fakkel van ons beskawing aangesteek is, en hoe dit deur duisende jare heen, van hand tot hand in groter en groter kringe en met toenemende glans ontvlam het, totdat ook die kus van Suid-Afrika

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur sy lig beskyn is". (1)

Die Eerste Hoofstuk handel oor ons Westerse beskawing, sy oorsprong en verhoudinge, en duidelik word aangetoon die verband tussen ons eie kultuur en beskawing en die van ander kulture en beskawings. Daar word veral klem gelê op die beskawings van Egipte Mesapotamië en veral Palestina wat ons godsdiens-erfenis betref. Vervolgens word gewys op ons erfenisse uit Griekenland, Italië en ook wat tot ons gekom het van die Germane. Ook volg ons op baie interessante wyse die weg van die beskawing tot by die Renaissance en die daarop volgende ontdekkingsreise van die Portugese op soek na 'n seeweg na Indië.

## Boek II.

In Boek II word 'n interessante oorsig gegee van die belangrikheid van die Engelse en Hollanders en die opbloei van albei hierdie volke in die 17e eeu; hoe die Engelse en Nederlandse Oos-Indiese Maatskappe tot stand gekom het; die gebeure in verband met Jan van Riebeeck se eerste jare aan die Kaap, ens. Die skrywer slaag daarin om lewe en gestalte te gee aan die droë feite van die geskiedenis. Ons maak ook kennis met die gees, gesindheid en strewe van die burgers van daardie dae sowel as met die van die regering wat oor hulle gestel was. Ons kry 'n insig in die suinigheidsbeginsel, die trekgees, naturelle-kwessies, en die begeerte van die koloniste om seggenskap in die regeringstelsel.

## Boek III.

Met die koms van Jan van Riebeeck beklemtoon die skrywer die idee van 'n definitiewe kolonie, 'n „nuwe Nederland", maar ook die stremming wat ontstaan deur die gebrek aan koloniste om die nuwe idee tot uitvoering te bring.

Die verhoudinge met die buiteland word ook telkens duidelik

---

(1) Geskiedenis van Suid-Afrika (Deel I) - Dr. S.F.N. Gie, p. 3.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangedui, b.v. die voorgeskiedenis van die Hugenote, alvorens ons met hulle kennismaak as koloniste in hulle nuwe omgewing.

Die Van der Stelkwessie word deeglik bespreek, sodat die leerling die saak objektief kan beskou en hier word dus een van die oogmerke wat die ~~geskied~~ onderwys van geskiedenis nastreef bereik.

Van die Kaapse samelewing aan die begin van die 18e eeu word 'n heldere beeld geskilder: Nie alleen statistiese besonderhede en geskiedkundige juisthede word gegee nie, maar ook 'n kleurryke beeld van die maatskaplike toestande: taalgebruik, alledaagse werksaamhede, lief en leed van die menslike sameleweing van huwelike tot begrafnisse. Verder word dit versier, gestaaf en opgehelder deur middel van paslike aanhalings uit geskrifte van Valentyn, Adam Tas, e.a., sodat die leerling daarvan bewus word dat bronnestudie noodsaaklik is vir die agtergrond van geskiedkundige kennis.

Gie se logiese behandeling van oorsaak en gevolg kom baie duidelik uit in sy uiteensetting van die Van der Stelkwessie, moontlik aan die hand van Prof. Leo. Fouché in sy uitgawe van Tas se Dagboek; ook sy duidelike begrip van die versnelde of vertraagde tempo van die „ historiese proses":

„Die geskiedenis kan met 'n rivier vergelyk word. Die bergstroom skiet in snelle vaart oor rotse heen, en elke wending van sy loop bring nuwe verrassings te voorskyn, - hier 'n waterval, daar 'n krans wat loodreg uit sy enge bedding rys! In die dal verander hy sy aanskyn. Langsaam en rustig rol hy voort, 'n eentonige, breë vloed, en drenk die lande op sy walle. So ook gaan die historiese proses somtyds met duislingwekkende snelheid holderdebolder deur 'n heroïese landskap, waar die een interessante gebeurtenis die ander opvolg, en reusegestaltes die wolke deurboor, - om hom daarna met gestuite vaart oor die vlakte te versprei, waar niks te sien is nie as die prosaiese werksaamhede van gewone sterflinge". (2)

(2) idem: bl. 149.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons vind dieselfde beeld by Brugmans en Kernkamp:

„Want onafgebroken as een rivier van haar oorsprong tot haar mond loopt de geschiedenis. Zij moge hier haar stroom versnellen, daar zelfs een waterval vormen, zij moge zich soms tot een meer verbreeden, zij blijft dezelfde rivier, samehangend en één geheel".

Verder:

„Doch dan weer schijnt het, alsof die menschheid in eenige korte jaren wil inhalen, wat in eeuwen is verzuimd. Dan schiet de rivier plotseling van de hooge bergen in den gapenden afgrond, zij vormt een kokenden waterval. Zulke perioden kent de geschiedenis ook en aan zulke tijdperken bleef het oog der nakomelingschap hangen; reeds de tijdgenooten noemden zulke tijden tijden van overgang; later levenden begonnen er een nieuwen tijdkring mede. Nochtans vervalt daarmede niet de continuïteit, die wij in de lotgevallen der menschheid opmerken. Beneden den waterval vinden wij weder dezelfde rivier, die, thans gelouterd en gezuiverd, rustiger haar weg vervolgt". (3)

Hoewel die hier nie 'n oorspronklike beeld gebruik nie, is dit nie blote navolging nie, want hy doen dit tog op 'n eie manier en deur middel van 'n eie styl wat dit weer nuut en fris laat voorkom in ons eie taal.

In Suid-Afrika was die grootste gedeelte van die 18e eeu ook stil, maar die skrywer slaag tog daarin om ons 'n beeld te gee van hoe die stroom van die geskiedenis stil en diep gevloei het: Ons sien veral die ontwikkelinge op ekonomiese en godsdienstige gebied baie goed raak.

Hierop volg weer die verband met die buitelandse gebeurtenisse en veral die gees van die pruiketyd kom duidelik uit in

---

(3) Dr.H. Brugmans en Dr. G.W. Kernkamp: Algemene Geschiedenis. Deel III, p.p. 1 en 2.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die vierde hoofstuk van Boek III; 'n periode gekenmerk deur „oppervlakkige sierlikheid en konvensionele gekunsteldheid". Die vyfde hoofstuk behandel dan ook die welvarende tydperk van Ryk Tulbagh se regering, toe die weelderige lewenswyse van die voorspoedige burgers eintlik gedemp moes word deur 'n reeks „Praalwette". Aan die end vind ons sy filosofies-digterlike samevatting van die 18e eeu:

„Ons kyk terug oor 'n eeu van rustige uitbreiding. Dié tyd is nou verby. Die historiese stroom sal nie meer kalmpies daarheen vloei nie. Magtig aangeswel sal hy in magtige vaart sy koers vat. Stormwolke vanuit die groot barbaarse binneland, stormwolke van oor die see uit Amerika en Europa, waar die ou orde in ligtelaaie puinhope in mekaar stort, sal oor ons hemel trek. In rookdamp en krygsrumoer sal 'n nuwe tyd vol van skokke en bruisende hartstog, maar ook vol van nuwe lewe oor die Europese beskawing opgaan, en Suid-Afrika, altyd vasgekoppel aan die lotgevalle van die ou kultuurlande en met sy eie probleme daarby, sal soos gewoonlik sy aandeel aan woeling en stryd nie mis nie". (4)

Boek IV behandel die opstande teen ou konvensies en die vernietiging van die „ancien regime" in die buiteland; skokkende en verrassende omwentelinge soos die Amerikaanse Vryheidsoorlog en die Franse Rewolusie; opstootjies in Suid-Afrika, veral die jaar 1779, met die gevangeneming van Buitendagh en die eerste botsing tussen Wit en Swart.

Hoofstuk II gee 'n breedvoerige uiteensetting van die Franse Rewolusie, duidelik en logies, sodat dit vir die leek en die skoolkind binne sy begripsvermoë geplaas word en hy vir sy doel 'n voorstelling kan vorm van die omvang en vorm van die omwenteling.

Hierop bring die skrywer ons weer terug na die ekonomiese

---

(4) Geskiedenis van Suid-Afrika: Dr. S.F.N. Gie, Deel I, bl. 190.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ineenstorting in Suid-Afrika en die ontbinding van die Hollandse Oos-Indiese Maatskappy. Mooi is die afronding waarin aangetoon word waar die Afrikaanse volk in 1795 staan: „kerngesond, natuurlik en kragtig; en nieteenstaande die treurige omstandighede, waaronder die regeringstyd van die Kompanie sy end bereik, was ons volkstoekoms selfs in daardie benarde tyd nooit hopeloos benewel nie." (5)

Deel I van hierdie handboek van Dr. Gie is op die end voorsien van 'n aardrykskundige beskouing van Suid-Afrika, geskrywe deur Dr. P. Serton. Miskien is dit 'n bietjie misplaas en geneig om die logiese samehang van die gang van die geskiedenis te onderbreek; maar aan die anderkant tog waardevol om die leerling 'n wyer en dieper blik te gee in die milieu van die drama, waarin die toekomstige helde en heldinne van ons geskiedenis hulle rolle sou afspeel.

<u>Geskiedenis vir Suid-Afrika, deur Dr. S.F.N.Gie.</u>
(Deel II), 1927.

Met die skrywe van hierdie tweede deel van sy handboek, het die skrywer blykbaar besef dat die buitelandse geskiedenis uit die aard van die saak wel meer aandag sal nodig hê as in die eerste deel volgens die leerplan en daarom noem hy dit nie meer 'n geskiedenis <u>van</u> Suid-Afrika, soos in die eerste deel nie, maar wel 'n geskiedenis <u>vir</u> Suid-Afrika, soos dit blyk uit sy verklaring in sy voorwoord by die tweede deel. (1)

Hoofstuk I begin met die opskrif: „Die Afrikaanse Volk op die drempel van die 19e eeu".

Hierdie is 'n kostelike hoofstuk, veral deur die vermelding van bronne om die kind se belangstelling sodanig te wek dat dit as spoorslag vir eie navorsing kan dien; aanhalings word gegee uit Lichtenstein, Barrow, Theal, ens., sowel as verwysings na die

(5) Geskiedenis van Suid-Afrika: Dr. S.F.N.Gie, Deel I, p. 252.
(1) Geskiedenis vir Suid-Afrika, deur Dr. S.F.N.Gie. (Voorwoord, deel II).

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inhoud van die briewe van Lady Anne Barnard. 'n Aanskoulike beeld word geskep van die stedelinge, wyn- en koringboere en grensbewoners met al hulle bedrywighede, sedes, gewoontes en godsdiens; daar word ook verwys na 'n tipiese patriarg soos Jakob Loubscher en Barend Burger.

Hierop volg die geskiedenis van Napoleon Bonaparte, wat gesien word in die ketting van wêreldgebeure as 'n verskietende ster, wat skielik verrys, 'n hoogtepunt bereik in skitterende glans en glorie en dan verbleek, maar 'n ster waarvan die naglans in lengte van dae in die herinnering naleef.

Vervolgens vind ons die Eerste Britse Okkupasie, die Regering van die Bataafse Republiek en die Tweede Britse Regering tot voor die koms van Lord Charles Somerset. 'n Duidelike beeld word gegee van die Britse beleid, waarin naturelle-, ekonomiese en anglisasie-toestande reeds 'n duidelike gestalte kry as aanleidende oorsake van die Groot Trek wat sou volg.

In sy heen-en-weer behandeling, neem die skrywer ons dan weer na buitelandse aangeleenthede soos die Industriële Rewolusie en die Metternich-stelsel, wat lig sou werp op die verdere loop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Altyd heen-en-weer word die verhaal gevleg sodat die kontinuïteit nooit verlore gaan nie en die leerling die buitelandse en die vaderlandse geskiedenis as 'n geheel leer ken, en nie in aparte afbakeninge nie.

Terug in Suid-Afrika vind ons weer Somerset se regering en in die lig van die reeds behandelde Metternich-stelsel, e.a., vind die verskoning vir die handelwyse van Somerset deur die Gees van die tyd waarin hy regeer het.

<u>Boek II. Liberalisme en Nasionalisme (1826 - 1870).</u>

In hierdie boek word eers 'n inleiding oor die tydperk op verskeie gebiede gegee. Dan volg 'n byna kaleidoskopiese oorsig van die opstande van 1830 en 1848 in die Europese lande en daarna

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die ontwikkeling van Kanada, Nu-Seeland, ens.

Die Krimoorlog word egter alte beknop behandel, sodat die onderwyser hier altyd veel van die ontbrekende moet aanvul. Dit is ook jammer dat die algemene gees van vryheid en verset nie duidelik in verband gebring word met die grootste vryheidsbeweging in Suid-Afrika nie, n.l. die Groot Trek. Die massa-sielkunde beweer dat selfs die hele mensdom, soos ook enkele indiwidue, in dieselfde tyd met dieselfde idee of gees besiel kan word. In die letterkunde weet ons hoedat tydgenote soos Perk en Shelley, Vondel en Shakespeare e.a., onbewus van mekaar, tog met dieselfde idees besiel was en dat die inhoud en vorm van hulle werke verbasende ooreenkomste toon, hoewel die een waarskynlik nie van die ander geweet het nie.

So was die Oostelike grensboer, so nie bewus nie, dan wel onbewus, geïnspireer deur dieselfde gees van vryheid as sy tydgenote in die Europese lande. Graag sou ek dus gesien het dat Gie hiervan melding maak en sodoende vir die leerling 'n globale wêreldbeeld voor oë bring van die tydperke 1830 - 1848. Ons sou hierdeur die Suid-Afrikaanse Boer beter verstaan waar hy sy kakebeenwa inspan en noordwaarts trek om homself te bevry van die knellende bande van 'n onsimpatieke regering en 'n vreemde oorheersing.

Hoofstuk V gee ons 'n duidelike uiteensetting van die Sesde Kafferoorlog as onmiddellike oorsaak van die Groot Trek. 'n Mens bewonder veral die dramatiese beskrywing van die dood van Hintsa in die eie woorde van Kolonel (later Sir Harry) Smith. + (2)

Dr. Gie word deur sprekende feite genoop om die onregverdigheid van die „negrofiliste" te beklemtoon.

In Hoofstuk VI kom 'n skitterende behandeling van die oorsake van die Groot Trek voor, ook van die beweging self, lewendig toege-

---

+(2) idem: p.p. 284 - '6.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lig deur middel van oortuigende sitate uit beskikbare bronne. Weer dien dit as spoorslag vir die leerling tot selfstudie. 'n Duidelike beeld word gegee van die toestande in die binneland en die lotgevalle van die Trekgeselskappe; so ook die eintlike gebeurtenisse wat lei tot die stigting van die Boere-republieke in die binneland.

Hoofstuk VII behandel die verdere uitwerking van Britse Liberalisme teenoor Suid-Afrika, veral wat betref die naturellepolitiek. Hier word ook behandel die toekenning van Verteenwoordigende Bestuur, soos kon verwag word in hierdie tyd.

In Hoofstuk VIII word die goeie regering van Sir George Grey gekontrasteer met die van Sir Philip Wodehouse en weer word gegee die toekenning van Verantwoordelike Bestuur.

Boek III.

Hier kry ons die tydperk van Imperialisme. Wetenskaplike en ander uitvindinge en ontdekkinge gaan gepaard met tegniese ontwikkelinge en dit dien as grondslag vir imperialistiese beskouings; die verkleining van afstande deur beter middele van kommunikasie bring die verskillende lande in nouer verband met mekaar, en dit bring weer nuwe wêreld- en lewensbeskouinge mee. Imperialisme en kapitalisme bring ook as teenkanting, sosialisme en nasionalisme wat weer lei tot liberalisme. Alles word logies en duidelik uiteengesèt, sodat die leerling met die takvolle toeligting van die onderwyser 'n duidelike begrip kan kry van die verskillende -„ismes", wat anders hom in 'n doolhof van geleerde terminologie sou laat verdwaal.

In Hoofstuk II van hierdie boek behandel die skrywer die tydperk van Imperialisme versus liberalisme in Groot-Brittanje, waarin Disraeli en Gladstone as twee reusefigure teenoor mekaar te staan kom; hoe hulle om die beurt aan bewind is en watter weifelende karakter dit aan die Britse Koloniale politiek gee. Hieruit kan dan afgelei word waarom Suid-Afrika so weifelenc

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


behandel was.

Hoofstuk III bevat die opkoms van Italië, Duitsland en die Verenigde State van Noord Amerika. Die figuur van Bismarck word veral beklemtoon. Daar sommige eksamenatore meer klem lê op die enkele, uitstaande indiwidue as op die groot bewegings in die geskiedenis, is hierdie manier van behandeling baie waardevol.

Hoofstuk IV verplaas ons terug in Suid-Afrika in die tydperk van annek.sasie, as gevolg van die imperialisme in Engeland. Die Diamant-kwessie word breedvoerig behandel; Transvaal word geannekseer en die rolle van Kruger en Shepstone word duidelik. Hier sien ons ook die onverbiddelike ontstaan van die Eerste Vryheidsoorlog.

Hoofstuk V word genoem: „Verdeling van Afrika". Dit word ongelukkig te los en onsamehangend ingevleg, sodat dit in 'n mate die logiese samehang van die verhaal bederf.

Die Sesde en laaste hoofstuk sluit af met die uitbreiding van Britse gebied in Suid-Afrika, met die figuur van Rhodes as dominerende Imperialis van die 19e eeu. Dan kom 'n kort oorsig van die Tweede Vryheidsoorlog. Die boek eindig met die verdwyning van Kruger en Rhodes van die toneel van politieke en geskiedkundige bedrywighede aan die end van die 19e eeu.

<u>Algemene beskouing oor die geskiedenis-handboeke van Dr. Gie.</u>

Om nou die waarde te bepaal van hierdie handboeke van Dr. Gie wil ek graag in kort stilstaan by die volgende punte:

1. <u>Feite.</u>

Dat die skrywer 'n meester in sy vak is wat feitekennis betref, ly geen twyfel nie, maar ook moet ons sy behandeling van hierdie feite bewonder. Daar word ongetwyfeld genoeg meegedeel, eintlik te veel. Daarom sê hy self:

„Ek vertrou dat geen skoolkind sal probeer om al die feite wat ek opnoem te onthou nie. My strewe is om die geskiedenis verstaan-

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


baar, interessant en oorpeinsbaar voor te stel, en daarom vul ek baie skakels in en noem ek ook minder belangrike besonderhede, sodat die leerling onder leiding vir hom - of haarself 'n uittreksel sal kan maak van wat hy of sy wil en moet onthou, maar 'n uittreksel wat uit intelligente belangstelling sal gebore word, nie sonder agtergrond sal wees nie en uitgangspunte vir nadink sal oplewer". + (3)

2. <u>Historiese Insig.</u>

Die skrywer slaag deur sy historiese insig daarin om die geskiedenis as 'n onverbrokkelde eenheid te sien en vandaar sy oor-en-weer metode van behandeling van Suid-Afrika en die buiteland. Nooit kom die leser onder die indruk dat dit twee afgebakende eenhede is nie. Soos met die karakters in 'n roman word die onderlinge verband voortdurend gehandhaaf.

Gie se geskiedenis is ook nie 'n blote relaas van oorloë en vredesbepalinge nie, maar ander fases van die grootse menslike drama word sorgvuldig beklemtoon, sodat ons die ontwikkeling van die mens deur die eeue heen sien, die mens in al sy bedrywighede.

3. <u>Gebrek aan Kaarte.</u>

Geen kaarte word in hierdie handboek aangetref nie, maar ons verwys na die skrywer se standpunt in hierdie verband:

„Ek maak geen ekskuus dat daar geen kaarte in voorkom nie; my ondervinding het my oortuig dat 'n hele wêreldatlas so onontbeerlik vir die historiese studie is, dat ek niemand in die versoeking wil bring om daarsonder my werk te lees nie. My raad aan alle studente en onderwysers is om altyd die geskiedenis van 'n land met 'n goeie kaart daarvan voor hulle of aan die muur by hulle te behandel". (4)

4. <u>Letterkundige waarde.</u>

Gie besig deurgaans 'n betowerende, meeslepende taal en styl wat

---

(3) Geskiedenis vir Suid-Afrika - Deel II - Dr. S.F.N.Gie. (Voorwoord).

(4) idem.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


op elke bladsy bekoor en soms styg tot 'n digterlik-filosofiese beskouing, waarvan alreeds paslike voorbeelde aangehaal is. Op enkele bladsye vind ons 'n te geleerde woord, wat vir die deursnee matriek-leerling onbekend en onverstaanbaar kan voorkom, b.v. „peripateties" (5), „debonêr" (6), „frappant" (7).

Uit die buitelandse geskiedenis word sake en persone mooi beskrywe sodat dit 'n onuitwisbare indruk op die ontvanklike gees van die adolesent sal moet maak; b.v. die beskrywing van Napoleon Bonaparte:

„Drie dae na sy huwelik verlaat die jong generaal Parys. Sy ouer en meer geoefende ondergeskikte offisiere trek hul skouers op by die verskyning van die klein ventjie met sy kort beentjies, bleek gesig, glinsterende swart oë en ongekamde hare, maar gou ondervind hulle die betowerende krag van sy persoonlikheid en genie". (8)

Hierdie handboeke is nie vir 'n bepaalde leerplan voorgehou en geskryf nie, maar dis 'n waardevolle, weergalose oorsaaklik-kronologiese uiteensetting, wat selfs deur die leek met plesier kan gelees word; dis geen droë relaas van feite nie, en nie steurend oorlaai met datums en jaartalle nie. Ten spyte van gebreke wat deur die skerp kritikus kan aangetoon word, bly dit nog altyd, latere pogings in aanmerking geneem, die beste handboeke wat op hierdie gebied aan die lig gekom het.

Inspirerend is veral die nasionale grondslag waarop die hele tema berus: „'n onvermydelike uitvloeisel van my grondbeginsel, n.l. dat die Vaderlandse Geskiedenis op skool altyd in verband met die Wêreldgeskiedenis moet behandel word, en dat ons leerlinge alle oorseese ontwikkelinge uit 'n Suid-Afrikaanse standpunt moet bekyk. Hulle voete moet op Suid-Afrikaanse grond bly, want ons

---

idem: (5) p. 347, (6) p. 426, (7) p. 427.
" (8) p. 35.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hulle harte en hoofde en hande hier nodig". (9)

5. Gebreke.

Hoewel die werke van Gie baie prysenswaardige eienskappe besit, is hulle tog nie geheel en al sonder gebreke nie. Die beswaar wat die geskiedenis-onderwyser kan maak, is dat die boeke te veel gee wat wel kon weggelaat gewees het. Sommige leerlinge kan dalk verdwaal tussen die gegewens en dan nie in staat wees om te sif tussen die histories-noodsaaklike en die literêr-dekoratiewe nie. As handboeke vir die onderwys van geskiedenis mag die boeke dan nie in alle opsigte beantwoord aan die eienskappe van 'n ideale handboek nie. Gie drywe soms weg op die bekoring van sy sierlike skryftrant en hierdeur kan die leerling die werklike nodige feite uit die oog verloor.

Gie swewe dus in 'n mate tussen skool en universiteit, en miskien is dit ook 'n geval van die dosent wat die aantekeninge vir sy studente net baie kunstig verwerk het tot 'n geskiedenis-handboek vir skoolgebruik. Dit is ook jammer dat hy nie bronne aangee nie.

By Lindeque, soos ons sal sien, kry ons weer 'n ander tipe van handboek, met 'n meer bepaalde doel geskrywe en wat dus in sekere opsigte van die leemtes sal aanvul wat in die werk van Gie opgemerk is.

---

idem: (9) Voorwoord - Deel II.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

**„SUID-AFRIKAANSE EN ALGEMENE GESKIEDENIS, VIR KAAPSE EN TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOOLEINDEKSAMEN, Deel I, VIR JUNIOR MATRIEK",** deur B.G.Lindeque.

By B.G.Lindeque se werk het ons te doen met 'n boek wat vir 'n bepaalde leerplan en met 'n bepaalde doel voor oë geskrywe is, soos die skrywer ook in sy voorwoord verduidelik.

Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf 1795 tot 1850 word apart behandel van die algemene geskiedenis en hierdie indeling is swakker as die van Gie, omdat die leerling juis hierdeur nooit die verband tussen die twee duidelik sien nie en maklik geneig is om die parallelisme glad te verloor en alleen die twee geskiedenis-indelings apart leer ken.

Hoofstuk II herinner baie sterk aan Gie, wat inhoud en volgorde van feite betref, asook bronne wat vermeld word. Die stof is in elke hoofstuk puntsgewyse ingedeel en vorm nie 'n deurlopende, aaneengeskakelde verhaal nie. 'n Tipiese voorbeeld is die behandeling van die Britse Setlaars van 1820: Oorsake, moeilikhede en gevolge, elkeen ingedeel volgens 'n reeks punte. Die skrywer sê in sy voorwoord dat „die oordeelkundige onderwyser sal kan uitsif", maar mynsinsiens is dit alreeds 'n opsomming waarvan leerlinge nie kan verwag word om weer nog 'n uittreksel te maak nie.

Hierdie handboek gee meer 'n beklemtoning van feite en is minder rigting-gewend as Gie. Die taak van die onderwyser sal wees om die feite in so 'n lig te stel dat duidelike strominge sigbaar sal wees vir die leerling. Dit is juis altyd moeilik om historiese perspektief te kry by die groot meerderheid van leerlinge. Hoewel 'n leerling die feite ken, is hy dikwels nie in staat om hulle te rangskik sodat hy 'n stelling kan bewys nie; hy is maar alte dikwels soos 'n boer wat die indiwiduele name van die osse ken, maar nie hulle plekke in die span kan onthou nie.

Lindeque noem wel in kort die uitings van liberalisme en na-

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sionalisme in Europa en dan die Groot Trek, maar hy bring die twee dinge nie in verband met mekaar nie. Die naaste wat hy hieraan kom is in die sinnetjie:

„Hierdie liberalisme en nasionalisme het soos 'n suurdeeg deurgewerk, en uiteindelik uitgeloop op die Groot Exodus uit die Kaapkolonie in 1836". (1)

Deur die stof puntsgewyse in te deel doen die vorm vervelig aan deur elke keer weer te lees: „In die eerste plek het ons", „in die tweede plek het ons", ens. (2) Hier word verwys na die bronne waaruit die Groot Trek kan bestudeer word. Hierdie vermelding van bronne is egter waardevol om te prikkel tot selfstudie.

In die afdeling oor die algemene geskiedenis, toon die skrywer wye verhoudinge aan, soos b.v. die invloed van die Amerikaanse Vryheidsoorlog op Engeland, Frankryk, Holland, Australië, Spanje en Suid-Afrika. Ongelukkig word hier alleen enkele bronne en outoriteite genoem, b.v. aanhalings uit Ketelbey (3) en Ludwig (4).

Hoewel die algemene geskiedenis apart behandel word, kom daar darem af en toe verwysings voor na Suid-Afrika, b.v. die invloed van Napoleon, waar dit weer in 'n aantal punte aangestip word. (5) Aan die end word ook die invloed van die Industriële Rewolusie op Suid-Afrika behandel.

Agter in Deel I van Lindeque se geskiedenis-handboek, kom 'n lys van eksamenvrae voor, iets wat by die ontbreek, en wat tog van nut kan wees.

---

(1) Suid-Afrikaanse en Algemene Geskiedenis - Lindeque, deel I, p. 186.

(2) idem, p. 240 - 243.

(3) idem, p. 456.

(4) idem, p. 458.

(5) idem, p. 536.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


„SUID-AFRIKAANSE EN ALGEMENE GESKIEDENIS", DEEL II, VIR SENIOR MATRIEK, deur B.G.Lindeque.

Die tweede deel van Lindeque se werke bevat in groot mate dieselfde eienskappe as die eerste deel.

Wat egter besondere vermelding vereis is die heel laaste hoofstuk: „Merkwaardige Wetenskaplike Uitvindings en Ontdekkings, 1763 - 1914". Dit word op so 'n wyse behandel dat enige kind in die 20e eeu so vol van snelheid en gejaagdheid, sal belangstel in die oorsprong en ontwikkeling van moderne vervoermiddels, oorlogwerktuie, e.a.

Kenmerkende eienskappe van die handboeke van Lindeque.

1. Oorsake en gevolge, sowel as die hele onderwerp, word in 'n aantal punte verdeel. Die leerling kan die feite maklik bekom, maar loop gevaar van te maklike napratery, sonder die werklike verband te sien, soos wanneer dit as 'n geheel behandel word, soos in die werke van Gie. Die historiese insig kan verlore gaan.

2. Elke onderwerp word breed genoeg behandel vir skoolgebruik, as ons in aanmerking neem dat elkeen van die twee dele meer as 600 bladsye in beslag neem.

3. Die leerling word in aanraking gebring met die geskiedenisbronne deur middel van geskikte en interessante aanhalings. Ons noem die volgende voorbeelde. Lichtenstein se beskrywing van Dr. v.d.Kemp:

„Van der Kemp zat op een dwars over denzelven gelegden plank, zonder hoed, den eerwaardigen kalen schedel gerust aan de heete zonnestralen blootstellende", ens. (6)

Dr. Cory oor James Read:

„It might have been shown that the Rev. J.Read, snr., was the most dangerous and wicked man upon the frontier. It is the action of this man, ably seconded by Dr. Philip, which has made the name

(6) Suid-Afrikaanse en Algemene Geskiedenis, Lindeque, Deel I, p. 75.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


of the London Missionary Society stink in the nostrils of South Africans". (7)

Sir Benjamin D'Urban oor die Boerebevolking:-

„They are a brave, patient, industrious, orderly, and religious people, the cultivators, the defenders, and the tax contributirs of the country". (8)

Dr. C. Uys oor die Verdragstate:-

„The incidence of the political blunders - for such the Conventions were, - could only be by preventing the Republics from aquiring a harbour of their own and by keeping them economically dependant on the British Colonies in South Africa". (9)

Sir George Grey oor die Boere:-

„I have lived among many nations and in many countries, and I may with all truth say this, that I know no people richer in public and private virtues than the Boers". (10)

Dit is net jammer dat die skrywer nie die betrokke bladsye uit sy bronne vermeld nie en slegs die naam van die boek en die skrywer noem.

4. Baie aandag word gewy aan hoofpersone uit die geskiedenis: Paul Kruger, Rhodes, Cavour, Garibaldi, Bismarck, ens. Dit sal die leerling in staat stel om 'n deeglike skool-opstel oor elkeen van hulle te skryf, sonder dat hy sal nodig hê om 'n aparte biografie van elkeen te lees. Ook beantwoord dit aan die behoefte wat deur eksamen-gewoontes in die laaste jare geskep is, waar die indiwidu meer beklemtoon word as die beweging, soos alreeds vermeld.

5. Albei dele van hierdie handboeke is goed voorsien van skets-

---

(7) idem: p. 229.

(8) idem: p. 238.

(9) idem, deel II, p. 57.

(10) idem, deel II, p. 88.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kaarte, anders as in die werke van Gie, en self meen ek dat 'n sketskaart van groot waarde kan wees, juis omdat dit alleen die betrokke, noodsaaklike aanduidings bevat wat die atlas nie so duidelik kan gee nie. Die atlas bevat dikwels te veel wat op daardie oomblik nie nodig is nie en die leerling raak verward deur sy onvermoë om die essensiële self te soek en te sif.

Kaarte voorsien dus, mynsinsiens, in 'n direkte behoefte. Hierdie kaarte kan egter verbeter word, b.v. die kaart in verband met die Trekgeselskappe gee nie elke aparte geselskap duidelik aan nie. (11) Kaarte kan ook veel wen deur doelmatig ingekleurd te wees, sodat die noodsaaklike dadelik kan raakgesien word.

6. Die skrywer beskik oor 'n lewendige verteltrant:-

„Toe Gladstone egter in 1880 aan die roer gekom het, het hy nie onmiddellik oorgegaan tot die herstelling van die onafhanklikheid van Transvaal nie - dit het gelyk asof hy vir die publieke opinie in Engeland bang was! Kruger en Joubert se pleitbriewe aan Gladstone het ook niks gehelp nie. Uiteindelik het die Engelse Premier sy beslissing deurgestuur, naamlik dat die Britse Soewereiniteit oor Transvaal nie opgehef kan word nie, omdat Groot Brittanje dit aan die inboorlinge verskuldig was om wet, orde, vrede en rus te handhaaf! Die tyd om vreedsaam te onderhandel was verby. ‚Tot die wapen!' was die algemene kreet in Transvaal". (12)

Lindeque besig ook 'n mooi taal:-

„Ons het in die vorige hoofstuk gesien hoe die graanboer in die veeboer ontwikkel het, en hoe laasgenoemde weer 'n trekboer geword het en sonder regeringsverlof, ja selfs beslis teen die reëls, wette en regulasies van die owerheid die grense van die Kaapkolonie verskuiwe het, die volksplanting uitgebrei het, as

---

(11) idem: Deel I, p.p. 258 - '59.

(12) idem, Deel II, p. 305.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die fakkeldraers van die blanke beskawing steeds verder en verder voortbeweeg het en die middele was wat die kolonisasiegolf oor berge en dale, oor vlaktes, bosstreke en riviere laat slaan het". (13)

Roerende beskrywings van die moord van Retief en die Slag van Bloedrivier, veral op gesag van Dr. Preller, word gegee; ook is dit gesterk deur dramatiese en geïnspireerde aanhalings uit geskiedenisbronne. Hier vind ons ook so 'n mate van nasionale besieling dat dit elke Afrikanerkind se hart sneller sal laat klop en sy bloed met regmatige nasietrots deur sy are sal laat bons!

Naas die van Gie, kan 'n mens nie skroom om ook hierdie werke van Lindeque vir die gebruik van ons hoërskole aan te beveel nie, tenspyte van tekortkomings. Nog 'n nuttige handboek is die van Walker.

---

(13) idem, Deel I, p. 239.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

„MODERNE GESKIEDENIS VIR AFRIKANERS", deur Eric A. Walker.

Hierdie boek het oorspronklik in Engels verskyn in 1926, en in 1927 het 'n Afrikaanse uitgawe die lig gesien, vertaal onder toesig van Professor M.C. Botha.

Soos by Gie en Lindeque, word ons hier ook getref deur die konsekwente deurvoering van vergelykende studie. In die Voorwoord sê die skrywer:

„Hierdie boek voer as titel ‚Moderne Geskiedenis vir Afrikaners', omdat daarin 'n poging gedoen is om die juiste plek aan te dui wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis as deel van die geskiedenis vir die westerse beskawing inneem". Ons vind dus dat die skrywer die rewolusionêre bewegings in Europa aan die einde van die 18e eeu bespreek en dan weer terugkom na Suid-Afrika in min of meer dieselfde tydperk; na die behandeling van liberalisme in Europa en elders, gee hy weer 'n uiteensetting van dieselfde strominge in Suid-Afrika. Hy sien die geskiedenis as een groot geheel, sonder om dit onnodig af te baken of te versnipper. Daarom lees ons ook:

„Veel meer as die helfte van die boek handel oor Europa, die Britse Ryk, die V.S.A., Japan, ens., dog ek het daarna gestreef om steeds die verband met Suid-Afrika te bewaar". (1)

Genoegsame aandag word gegee aan die staatkundige, kerklike, militêre en maatskaplike toestande, soos b.v. in Hoofstuk IV, oor die Kaapkolonie tussen die jare 1775 - 1796, maar die staatkundige aangeleenthede bly vir die skrywer die belangrikste:

„Die drie vernaamste soorte geskiedenis kan nie afsonderlik in waterdigte afdelings gehou word nie, dog vir ons doel is die politieke geskiedenis van die meeste belang, en ons sal alleen die ander behandel wanneer die omstandighede dit noodsaaklik maak". (2)

---

(1) Eric A. Walker: Moderne Geskiedenis vir Afrikaners (Voorwoord).
(2) idem: Inleiding, p. 13.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Walker probeer sover as moontlik onpartydig wees in sy behandeling en beskouing van die geskiedenis, en daarom sê hy:

„Ek het daarna gestreef om Liberalisme, Nasionalisme, Imperialisme, Sonalisme, ens., as geskiedkundige feite te behandel, sonder om my voorliefde vir die een of ander van die stromings kenbaar te maak, en dit lê allermins in my bedoeling om een van dié bewegings aan te beveel as 'n redmiddel vir ons moeilikhede van vandag. Dit is die taak van die propagandis om die een of ander teorie te bepleit; ek het probeer om geskiedenis te skrywe". (3)

Hy laat hom baie versigtig uit oor gebeurtenisse waaraan hy gevaar kon loop om 'n eie kleurtjie te gee, soos blyk uit sy poging om die Tweede Vryheidsoorlog uit 'n onpartydige standpunt te beskou:

„Van die standpunt van die Boere was dit 'n stryd vir onafhanklikheid; van die standpunt van die groot meerderheid van die Britte oor die hele wêreld was dit 'n oorlog om 'n end te maak aan 'n bedorwe en 'n verdrukkende regeringstelsel; in die oë van 'n paar wat verder as ander gesien het, was dit 'n geweldadige manier om 'n pad vir federasie te baan, wat dit inderdaad ook was". (4)

Die boek is vir 'n bepaalde leerplan geskryf, n.l. vir die van die Matrikulasie-eksamen, en as sodanig kan dit as 'n geslaagde en verdienstelike werk beskou word.

Die hoofstukke is duidelik in paragrawe verdeel, telkens met nuwe gekursifeerde opskrifte in elke hoofstuk. Onder aan die bladsye is talryke voetnote wat dien om meer lig te werp op die teks, en aan die end van elke hoofstuk word 'n opgawe van boeke of dele van boeke verstrek wat van nut kan wees vir verdere studie. Aan die end van elke hoofstuk is ook 'n kort inhoud van die voorafgaande.

---

(3) idem: Voorwoord, p. 4.

(4) idem: p. 423.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Illustrasies ontbreek, maar die handboek is ryklik voorsien van deeglike sketskaarte wat alleen die nodige toeligting gee tot die hoofstuk waarby dit betrokke is. Die kaarte is nie ingekleur nie, maar is baie duidelik en verstaanbaar.

Sommige gebeurtenisse word ongelukkig te beknop en onvolledig behandel; die feite in verband met die annek sasie van die Transvaal kom maar afgeskeep en gebrekkig voor en die gebeurtenisse in verband met die Tweede Vryheidsoorlog word hoogstens aangestip.

Die Afrikaanse uitgawe bevat baie voorbeelde van swak vertaling, sodat gebrekkige sinsbou en lompe woordorde op baie bladsye kan aangetoon word, b.v.:

„---en toe Hofmeyr dit gewaar, het hy die Vereniging oorgehaal om deel aan die politiek te neem ---". (5) Op 'n ander plek lees ons:

„Kruger was toe juis tot president op Pretoria gekies ---" (6)

Walker se werk kan nuttig gebruik word as 'n handleiding vir geskiedenis in die hoërskool, maar in sommige opsigte staan dit nie gelyk met die van Gie en Lindeque nie, veral deurdat dit te kleurloos voorkom en nie daarin kan slaag om die ontwikkelende jeug met geesdrif vir die eie historiese en kulturele volksbesit te vervul nie. Dit het nie die nodige Afrikaanse nasionale grondslag nie.

Saam beskou, het hierdie drie skrywers sover die beste gelewer op die gebied van die geskiedenishandboek vir gebruik in Suid-Afrikaanse skole.

---

(5) idem: p. 407.

(6) idem: p. 411.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## HOOFSTUK IV.

## DOEL EN GEBRUIK VAN DIE HANDBOEK.

### Belangrikheid van die Handboek.

Oor die doeltreffendheid van die handboek vind ons baie uiteenlopende opinies, maar die meeste outoriteite is dit met mekaar eens dat die handboek in die onderwys van geskiedenis 'n baie belangrike hulpmiddel is, wat feitlik nooit heeltemal sal kan uitgeskakel word nie. Van opvoedkundige standpunt beskou kan daar baie nadele verbonde wees aan die gebruik van die handboek. Dit is alte dikwels te eng; of dit laat te min ruimte vir selfstudie, vir nadenking en selfstandige, eie oordeel, maar dit bly 'n middel om eksamens deur te kom!

J.F.E.Havinga beweer:

„Die handboekmetode het seker sy groot waarde en is een van die metodes wat op verskillende maniere toegepas kan word. Hierdie metode kan baie interessant en doodvervelig wees na gelang dit toegepas word; tog skyn die voordele van hierdie metode veel meer te wees as die nadele". (1)

Alle onderwysers is nie deskundiges in hierdie vak nie en dit gebeur maar alte dikwels dat 'n onderwyser deur die dwang van omstandighede moet onderwys gee in 'n vak waarin hy nie tuis is nie. In so 'n geval is sy eerste toevlug 'n geskikte handboek en die onderwyser met die natuurlike bekwaamheid en aanpassingsvermoë toegerus, kan soms skitterende eksamen-resultate behaal deur alleen met enkele bladsye sy leerlinge voor te bly met die voorbereiding! Dit is egter nie waar die werklike belang van die handboek inkom nie, want eintlik moet dit weer van belang wees as 'n nuttige referensie-middel, soos A.F.Hattersley dit beskou:

---

(1) J.F.E.Havinga: Die onderwys van Geskiedenis in die Middelbare Skool, 'n M.Educ.-verhandeling, November 1937, p. 59. (Onuitgegee)

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

„Many teachers will agree that the main function of the textbook is to provide a handy summary of facts for purposes of reference". (2)

In die buiteland vind ons ook dat die gebruik van die handboek as algemeen belangrik beskou word. Aldus Olive E. Shropshire oor Engelse skole:

„A growing importance is being attached to the use of the textbook in England. In every school visited and in every school examined the attention of this observer was directed to the textbook used with each class". (3)

In 'n Memorandum oor die onderwys van geskiedenis in Engelse Skole vind ons ook die volgende:

„Whatever method is followed, it must be borne in mind that history affords excellent opportunities for training children in the use of books, and that no satisfactory study of history can exist, even for children up to 14 years of age, without adquate textbooks and their careful study by pupils".

Verder ook:

„In the study of history, books are of paramount importance. The pupils, therefore, must have in the first place a good history textbook". (4)

In Amerika word selfs soveel waarde geheg aan die gebruik van die handboek dat onderwysers onder eed moet verklaar dat hulle die staatshandboek gebruik het. (5) Dit is natuurlik ook met die

---

(2) A.F.Hattersley: History Teaching in Schools, p. 44.

(3) O.E.Shropshire: The Teaching of History in English Schools, 1936, p. 33.

(4) Memoranda on Curriculum: V History. E.M.Rich (London County Council), 1933, p.p. 12 - 13.

(5) H.Johnson: Teaching of History, p. 269.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oog daarop om ongewenste politieke opinies te belet om pos te vat by die leerlinge.

In die handboek kry die leerling in elk geval 'n samevatting van die inhoud van die geskiedenis-terrein wat gedurende die studie van die jaar moet gedek word, en in so 'n maklik bereikbare vorm as wat geen ander bron hom kan aanbied nie, selfs al het die bepaalde handboek baie gebreke. Dikwels is die keuse van 'n handboek ook 'n saak wat afhang van die opvattings van die bepaalde onderwyser wat die handboek moet behandel met sy klas. Dikwels, in ons skole, hang dit ook af van die opinie van die hoof van die skool of die inspekteur.

Die doel van die Handboek hang saam met die doel van die Geskiedenis-onderwys.

Uit die voorafgaande is dit reeds duidelik dat die gebruik van die handboek belangrik, of selfs noodsaaklik of onontbeerlik is.

Die doel van die handboek kan egter veelvoudig wees, en dit sal hoofsaaklik afhang van die algemene doel waarmee die vak onderwys word, en oor hierdie doel is daar 'n menigte opvattings. Hierdie opvattings word ook gewysig namate die lewens- en wêreldbeskouings van 'n volk verander deur verandering van omstandighede.

As ons 'n breë standpunt inneem dan moet ons geskiedenis beskou as die verhaal van die mens se doen en late, materieel en geestelik, deur die eeue heen - en die kind moet weet waar hy staan in die lange ketting van gebeurtenisse en lotgevalle. Hiervolgens moet die handboek dan gesuiwer wees van alle vooroordeel en alleen geskrywe wees uit 'n humaniteits-standpunt. Tog vind ons juis uit die menslike aard van die saak dat so 'n doel, al sou dit ook beoog word, in die praktyk deur min skrywers ooit bereik word.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens F.Friedrich is die doel van geskiedenis:

„Dit wil die aktiwiteit van die mens blootstel, uiteensit, verklaar en selfs verbeter" ----

„Die doel van die geskiedenis-onderwys is om insig in die wording van die wêreld om ons, sover as wat dit die voortbrengsels van menslike geestelike lewe is, te kry". (6)

In die praktyk, egter, vind ons altyd dat daar een of meer bepaalde doeleindes beoog word met die onderwys van geskiedenis en dat die handboek dan baie duidelik so 'n stempel dra. Ons kan b.v. begryp dat die „English History" in die anglisasieperiode van die Kaap daarop gemik was om die anglisasie-politiek in die skole te bevorder. Of as ons sou kyk na die hedendaagse nasional bewegings in lande soos Duitsland en Italië, sou dit 'n natuurlik voortbrengsel van die tyd wees as die hoof kenmerk van die geskiedenis-handboeke iets van 'n nasionale aard openbaar. Selfs in die bewuswording van ons eie Afrikaanse nasionalisme vind ons o.a. dat 'n skrywer soos Dr. Gie 'n baie duidelike nasionale kleur gegee het aan sy handboeke. (7)

Voor die Wêreldoorlog, toe die verbroedering tussen Engeland en Amerika al groter geword het, het die handboeke ook begin ver ander; sodat dit in sommige van hulle selfs beweer is dat Amerikaners in die Amerikaanse Vryheidsoorlog nooit werklik teen Engelse geveg het nie, maar alleen teen hulle Duitse of Pruisiese Koning, George III! (8)

Geskiedkundige feite word op hierdie manier getemper om hulle by enige doel aan te pas, net soos elke Godsdienstige leer

---

(6) F.Friedrich: Aangehaal deur J.F.E.Havinga: Die Onderwys van Geskiedenis in die Middelbare Skool, p. 11. (F.Friedrich: Stoffe und Probleme des Geschichtsunterrichts - Dritte aufla 1925; Teubrer, Leipzig & Berlin.)

(7) Dr. S.F.N.Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, 1918.

(8) History: Deel XIII, No. 52, p. 290.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bybelse waarheid vertolk om sy eie standpunt te regverdig. Na die Wêreldoorlog vind ons weer dat baie Amerikaanse skole hulle daarop toegelê het om patriotisme aan te kweek deur middel van geskiedenisonderwys.

„In certain cities, as different in location and character as Boston, San José and Washington, history text-books were arraigned on the ground of insufficient patriotism". (9)

Nasionalisme is nie die enigste eienskap wat by die leerlinge op hierdie manier kan aangekweek word nie. Enige duidelike lewens- en wêreldbeskouing, geloofsopvatting, ens., kan in die handboeke van 'n volk weerspieël word. Veral in 'n land soos Amerika, waar enigiets tot die uiterste van sy vermoë oordryf word om rekordresultate te behaal, is dit ook geen wonder om genoeg materiaal aan te tref om 'n boek oor hierdie onderwerp te skryf nie, soos reeds gedaan deur Prof. Bessie Pierce. (10)

## DIE HANDBOEK AS EEN HULPMIDDEL.

Die handboek is vandag een uit 'n baie groot aantal hulpmiddels by die onderwys van geskiedenis. Met die hedendaagse ontwikkeling van die kuns en wetenskap en die tegniese verbeteringe wat daaruit voortvloei, bestaan daar baie moontlikhede om geskiedenis seker een van die interessantste vakke op skool te maak. Dink hier maar net aan al die moontlikhede wat aangebied word deur die rolprent en die radio, middels wat selfs in ons eie skole langsamerhand 'n rol begin speel, al is ons skole nog nie goed toegerus soos skole in die buiteland nie.

(9) History: Jan. 1929. Deel XIII, No. 52: p. 290: Americanising American History, Art. deur Dixon Ryan Fox.

(10) Prof. Bessie Pierce: Public Opinion and the Teaching of History in the United States, New York, 1926.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# MANIERE VAN GEBRUIK VAN DIE HANDBOEK.

Die meeste onderwysers wat iets met die vak te doen gehad het sal met my saamstem dat wat die metode betref geskiedenis een van die moeilikste vakke is om onderwys in te gee. 'n Metode waarmee die een b.v. groot sukses behaal sal in die hande van 'n ander weer baie ondoeltreffend gevind word. So hang daar ook so baie af van die tipe van leerling en die middels tot die beskikking van die onderwyser. Na tien jaar van onderwys in geskiedenis en die toepassing van verskillende metodes, sou ek nog nie beslis kon verklaar watter metode van geskiedenis-onderwys die beste is nie. Dit sal seker ook die bevinding van baie ander wees.

Die metode waarmee ek ongetwyfeld die beste eksamen-resultate behaal het was die volgende, wat die hoogste klaase in die middelbare skool betref. Die onderwyser vertel die geskiedenis op 'n onderhoudende manier, gee feitlik lesings. Leerlinge neem dan self kort aantekeninge af wat by die huis oorgeskryf word in opstel-vorm. Met die volgende les, lees twee of drie hulle tuisgemaakte aantekeninge oor die vorige dag se werk hardop vir die klas voor en dan mag ander leerlinge dit kritiseer en bespreek onder toesig van die onderwyser. Dan gaan die volgende les weer aan. Hierdie metode is gebaseer op die sielkundige beginsel van herhaling: Die leerling hoor die feite in die skool, skryf hulle neer, skryf hulle tuis oor en hoor hulle weer aan die volgende keer in die skool. Die rol van die handboek was hier alleen om as referensie te dien, en om leerlinge sekere onderwerpe te laat naspeur om spesiale opstelle te skrywe.

Die beswaar teen hierdie metode is egter dat geskiedenis dan die leeue-aandeel aan die huiswerkrooster kry en dan maklik ten koste van ander vakke. Sommige leerlinge slaag daar uitstekend in om in Vorms IV en V hulle aantekeninge baie goed self te behartig, maar daar is altyd 'n persentasie wat nie weet wat om van

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

so 'n lesing neer te skryf en wat om weg te laat nie, en daarom bly hulle selfgemaakte aantekeninge gebrekkig. As die onderwyser dan nie weer al die aantekeninge persoonlik nasien nie ('n taak wat haas onmoontlik word as hy baie klasse en baie leerlinge het) dan sal die swakkes nie eintlik verbeter nie.

Tog voel ek altyd dat hoe beter 'n onderwyser sy vak ken, hoe minder voel hy genoodsaak om aan 'n handboek te hang en alleen 'n ander na te praat.

Die onderwyser wat hom nie in die vak tuisvoel nie deur gebrek aan faktore soos ervaring, opleiding of aanleg, vind die handboek sy grootste toevlug. Hy laat gewoonlik die leerlinge 'n gedeelte uit die handboek leer vir die volgende dag en ondervra hulle dan op wat hulle geleer het, maar slaag daar nie in om veel by te voeg om die vak enigsins aantrekliker te maak nie. Dit laat leerlinge natuurlikerwys geskiedenis bestempel as 'n „droë vak". Omdat die onderwyser self gebrek ly aan die nodige insig, slaag hy nie daarin om die verband tussen historiese sake aan te toon nie, die leerling ontwikkel dan geen historiese sin nie en geskiedenis word 'n onsamehangende relaas van feite wat alleen van betekenis is om in 'n eksamen te slaag!

Indiwiduele studie deur leerlinge self moet nie teveel van die handboek afhanklik wees nie:

„The pure Dalton plan, which dismissed any method other than private study by the pupils of assignments of work to be studied from textbooks, with or without the aid of a questionaire, has disappeared after a brief and sporadic recognition. The method inevitably reached in these days by reasonable teachers is individual study by the pupils based upon collectively presented lessons. It is only by individual study that children (or any one else) can really acquire knowledge. But there must be oral teaching to investigate the extent of accuracy of that knowledge, to stimulate

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

interest, and to give that guidance which is necessary for economy of time and effort". (11)

Die mondelinge onderrig in geskiedenis, in minder of meerder mate toegepas, is dan ook iets wat nooit werklik kan uitgeskakel word nie. Elke onderwyser sal dan die handboek gebruik alleen as referensie-boek, volgens sy eie diskresie, soos een skoolhoof dit toegelaat het:

„Thus Sanderson allowed each master engaged in teaching history to choose for himself the staple book to be used by his forms for their history periods. But the book was to be merely for reference; it was to be an incidental, not an essential, fa ctor in the work done: it was to be a railway guide, not a railway system; a calander, not an infallible Koran. The textbook was not to be learned but to be used - for the working out of short historical essays. Even for quite young boys this plan makes for real work". (12)

Hier word gepraat van die hoof van 'n skool gedurende die Groot Oorlog. Hy was baie entoesiasties omtrent die onderwys van geskiedenis. Hy het gehou van die „laboratory"-metode en hy kon dit goed toepas omdat hy 'n goed-ingerigte geskiedenis-lokaal en 'n geskiedenis-biblioteek tot sy beskikking gehad het. Daarom was die gebruik van die handboek feitlik ook bysaak.

Oor die algemeen blyk dit dat watter metode ookal gevolg word, moet die handboek nooit die enigste middel wees waardeur die leerling sy onderwys ontvang nie. Sommige onderwysers meen dat dit goed is om die hele handboek eers vlugtig deur te lees om die leerling 'n algemene perspektief te laat kry.

Hattersley meen:

---

(11) Memoranda on Curriculum: V-History, p.p. 11 - 12.

(12) History: Jan. 1926: Deel X, No. 40: The Teaching of History in Schools - IV Oundle: Art. deur J.A.Higgs-Walker, p. 237.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„The textbook is to be used, rather than learned. It is to remain in the background until it is required for the ascertainment of a particular fact". (13)

So ook is die opinie van Jarvis:

„In secondary schools the general text-book of national history is useful in supplying many historical facts in handy form, but it is of little value in giving boys an idea of historical development in any direction". (14)

Keatinge wil weer 'n groter aandeel in die onderwys van geskiedenis aan die handboek afstaan, sodat dit gedeeltelik altans in die klas gelees word:

„A section of the text-book will be read aloud at this stage by one pupil alone; one such reading will be sufficient. The master then goes through the narrative with all the stimula ting detail that his dexterity and knowledge of the subject will allow him to introduce". (15)

Die leerling moet dan dit by die huis so leer dat die onderwyser hom die volgende keer daarop kan ondervra. Ook moet die studie dan aangevul word deur die lees van ander bronne, en deur lesings deur die onderwyser.

Die metode wat vandag baie voorgestaan word is die volgende:

Leerlinge kry 'n gedeelte uit die handboek om tuis voor te berei; die onderwyser doen ook sy voorbereiding uit bronne wat hy tot sy beskikking kan vind. In die klas stel hy dan vrae, op so 'n manier dat hy die kern van die inhoud van die voorbereiding duidelik blootstel en dit dan punt vir punt korteliks op die swartbord aanteken. Hierdie kort opsomming word dan deur die leerlinge in hulle aantekening-boeke afgeskrywe, en by die hersiening van

---

(13) A.F.Hattersley: History Teaching in Schools, p.p. 44.

(14) Charles H.Jarvis: The Teaching of History, 1917, p. 178.

(15) M.W.Keatinge: History, 1913, p. 37.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie nota's word die handboek weer as referensie-middel gebruik om sekere punte op te helder.

Natuurlik sou die studie te beperk wees en te veel aan die handboek kleef as daar niks verder plaasvind nie. Leerlinge moet dan nog van tyd tot tyd take kry wat hulle moet voorberei uit ander bronne, d.w.s. daar moet 'n goed-toegeruste geskiedenisbiblioteek aan die skool verbonde wees, waar 'n groot aantal grotere werke en geskiedenisbronne, soos afskrifte van dokumente, kaarte,ens. kan gevind word; maar hieroor later. Die vername saak hier is dat die handboek moet aangevul word, sodat die leerling met ander bronne kennis maak as bloot net die handboek. Waar dit paslik is, moet leerlinge ook kaarte teken om vir hulleself die geskiedenis toe te lig. Die onderwyser kan dit vir hulle op die swartbord voorteken; hulle kan dit dikwels uit die handboeke kry of uit die ander grotere bronne in hulle biblioteek.

Ons kom dus tot die konklusie dat die gebruik van die handboek afhang van baie faktore en omstandighede; maar in al die gevalle vind ons tog dat die handboek 'n taamlik belangrike rol speel by die onderwys van geskiedenis, en veral dan as 'n staatmaker middel om feite in 'n handige vorm aan die leerlinge te verskaf. Laat elke onderwyser dit toepas op die manier waarmee hy die grootste sukses behaal. Die fout lê maar alte dikwels daarin dat 'n sekere metode vir hom voorgeskryf word en dan maar nog alte dikwels deur sogenoemde outoriteite wat self nooit in geskiedenis onderwys gegee het nie! Soms moet 'n onderwyser wat deur sy spesiale opleiding en ervaring die reg het om met 'n mate van gesag oor sy vak te praat, al sy duur-verkreë metodiek prysgee terwille van 'n outokratiese inspekteur wat in al die skole van sy area 'n sekere metode toegepas wil sien. Maar tenspyte hiervan blyk dit dat die meeste inspekteurs dit darem met mekaar eens is, dat handboeke nog altyd onontbeerlike hulpmiddels is in die onderwys van geskiedenis.

---

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK V.

### DIE IDEALE GESKIEDENIS-HANDBOEK.

**Voorbeelde van die beste Handboekies in gebruik in die Laerskool.**

Daar is vandag 'n groot getal handboekies ingebruik in ons Laerskole en dis van belang om enkele van die beste voorbeelde hier kortelike te bespreek.

'n Reeks handboekies wat reeds veel gebruik is, is die van J.M. Cloete: „Laer Geskiedenis vir Skole in Transvaal". Die boekie vir Standerd VI het reeds in 1926 die vierde druk bereik. Dit bestaan uit kort aantekeninge, puntsgewys aangestip en met die inhoud ooreenkomstig die Leerplan vir Transvaalse skole. Dit sluit in Suid-Afrikaanse en Algemene geskiedenis en burgerpligte, maar hierdie boekies kan slegs as leidraad dien en die onderwyser sal veel moet byvoeg. Hier is ook geen sprake van illustrasies nie, hoewel 'n aantal deeglike sketskaarte,mooi ingekleur, voorkom.

Van W. Skinner het verskyn: „Juta se Geskiedenisleesboeke vir die Primêre Skool", waarvan die boekie vir Standerd IV die vierde druk beleef het in 1934. Hierdie reeks is opgestel volgens die Leerplan van die Kaapse skole en behandel ook Suid-Afrikaanse en Algemene geskiedenis en burgerpligte. Dit bevat geen kaarte en illustrasies nie en om die gebrek te verklaar sê die skrywer in die Voorwoord:

„Ons gee geen kaarte of illustrasies nie, want die ondervinding het ons geleer dat dit baie meer doeltreffend is as die onderwyser die kaarte op die bord teken en as hy en die leerlinge saam die illustrasies versamel".

Hierdeur kom die werkie baie onaantreklik voor, hoewel die inhoud nuttig gebruik kan word.

'n Beter boekie is die van F.E. Bauling: „Maskew Miller se Nuwe Geskiedenis en Burgerkunde". Die deel vir Standerd VI bevat ge-

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gewens tot 1927, en is geskryf vir Transvaalse skole. Die werkie is aantreklik gemaak deur 'n aantal mooi portrette en enkele sketskaarte, nie ingekleur nie. Agterin is statistiese gegéwens en 'n kronologiese tafel. Wat die boekie veral van waarde maak is die vergelykende studie, waarvan in die Voorwoord deur P. L. Hoogenhout gesê word:

„Die leerlinge wat hierdie boekie deurgewerk het, sal besef dat, hoewel hulle in die eerste plek Afrikaners is, hulle ook tot 'n groter wêreld behoort en hulle rol in die geheel moet speel".

Hier ontbreek egter gekleurde kaarte.

Nuttige boekies is ook die van H. W. Kammeijer en H. H. van Rooyen: „Sketse uit die Vaderlandse Geskiedenis". Deel I het in 1930 reeds die sewende druk bereik en Deel II die vierde druk. Dit bevat verhaaltjies en insidentjies uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis, op eenvoudige en nalewe wyse meegedeel. Hier is veel gedoen om lewe te gee aan blote geskiedkundige feite en 'n kind sal dit met groot belangstelling volg. Enkele portrette kom voor, sowel as 'n aantal tekeninge, waar sommige egter baie gebrekkig is en veel te wense oorlaat. Die strekking is egter dwarsdeur te moraliserend, soos ook blyk uit die skrywers se eie woorde in hulle Voorberig:

„Op die voorgrond staan by ons as doel van alle geskiedenisonderwys: die leerling die leiding Gods met Land en Volk te doen sien. Vir hulle wat die Groot Oorsaak agter al die geskiedenisfeite nie wil raaksien nie, is ons Sketse nie geskryf nie".

Ons vind in al die handboekies gebreke, want ons is seker nog ver van die ideale handboek af.

## DIE MOONTLIKE IDEAAL.

As 'n mens die gebreke en voortreflikhede van 'n reeks bestaande handboeke nagegaan het, hulle teenoor mekaar gestel, gewik en geweeg en gesif het, kom onwillekeurig die vraag by ons op: Kan

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar wel 'n ideale handboek opgestel word? 'n Handboek wat al die goeie eienskappe van die reeds bestaandes kan bevat?

Hierdie vraag is nie maklik te beantwoord nie. Een ding staan vas, n.l. dat dit onmoontlik sal wees vir een persoon om een enkele handboek te skrywe wat aan al die ideale eise en aspekte van die vak en die metodes sal voldoen. 'n Handboek sal ook altyd onderhewig wees aan kritiek.

Nadat ek die onderwerp ryplik oorweeg het, kom ek tot die slotsom dat daar op die gebied van geskiedenishandboeke 'n groot en dringende behoefte aan verbetering bestaan, maar dat dit moet gesoek word in die rigting van die daarstelling van 'n reeks geskikte handboekies of desnoods pamfletjies om die hele vak vanaf die grade, deur die laer- en hoërskole tot die hoogste klas te dek. Hierdie reeks moet so saamgestel en opgestel word om aan die leerplanne, sowel as aan die geleidelike opwaartse ontwikkeling van die leerling deur sy skooljare te beantwoord. Elke boekie of pamfletjie kan dan alleen een onderwerp of een aspek behandel en dan alleen daardie eienskappe besit wat by daardie aspek en by daardie stadium van die kind se ontwikkeling aanpas.

Vir een deskundige op die gebied van geskiedenis-onderwys sou dit 'n haas onmoontlike taak wees om so 'n reeks boekies tot voltooiing deur te voer. Dit sou dus die beste wees as die verskillende onderwerpe, periodes of aspekte van die vak deur verskillende skrywers behandel word, waar elkeen van hulle dan tot die beste van sy vermoë sy besondere taak sal kan volbring. Hierdie reeks boekies of pamfletjies moet in die eerste plek aanpas by die eise van die leerlinge op die verskillende stadia; maar in die tweede plek moet dit ook 'n ware hulp vir die onderwyser of onderwyseres wees, wat maar alte dikwels geen deskundige in die vak is nie. Daarom moet daar geskikte verwysings wees na ander bronne wat die onderwyser sal instaat stel om hom verder vir sy vak te bekwaam

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en die onderwerpe deur middel van sy meerdere kennis en insig beter toe te lig.

Laat ons dan die eise van die ideale reeks pamflette behandel volgens die verskillende klasse in die skool en ook volgens die kenmerkende eienskappe van leerlinge op die verskillende ouderdomme en stadia van ontwikkeling.

## GESKIEDENIS-HANDBOEKIES VIR DIE LAERSKOOL.

Geskiedenis is een van die moeilikste vakke om vir klein kindertjies te leer, veral as hulle uit 'n swak huislike omgewing kom, waar hulle voorskoolse ervaring maar baie beperk is. Op hierdie stadium, soos die sielkunde kan getuig, besit die kind egter 'n baie ryk verbeeldingswêreld en daarom moet die stof van die les so aangebied word dat die verbeelding van die kind genoegsaam geprikkel word en dat hy vir hom die dinge uit vervloë tye lewendig kan voorstel:

„In teaching history to children under ten, the great aims should be to stimulate their imagination and arouse their interest, and, in so doing, to store their minds with a treasure of information ready for use when the time comes for formal teaching".(1) Veel sal afhang van die onderwyser se vermoë om die les interessant te maak vir die leerlinge. Die uitgangspunt moet ook wees volgens die alombekende prinsiep: van die bekende na die onbekende.

Dit was 'n gelukkige gedagte van die onderwys-outoriteite wat onlangs in praktyk gebring is, n.l. dat so 'n reeks pamflette in verband met die onderwys van verskillende vakke op ons skole moes opgestel word. Dit staan bekend as die „Nuwe Leerplanreeks", waarvan ons een en ander kan bespreek wat die onderwys van Geskiedenis betref. Die reeks is nog nie voltooi nie maar genoeg het al in druk verskyn om ons 'n idee te gee van wat hulle gaan bevat en of hulle in eniger mate aan die eise van ons ideaal gaan

---

(1) „History", Julie 1927, Deel XII, No. 46, bl. 228.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beantwoord. In 'n serie van vier pamflette word bev. die mense uit prehistoriese tye aan leerlinge van Standerd I voorgestel.(2)

Die skrywer gaan uit van bekende dinge in die omgewing van die kind en bring hom geleidelik tot die besef dat opgrawings ons veel van die verlede kan vertel. Oom Pikkie maak opgrawings en onverwags begin al die opgegrawe geraamtes van mense en diere te leef en dan volg die kind al hulle bewegings en omswerwinge om hom 'n denkbeeld te gee van die lewenswyse in die oertyd.

Die pamflette is ryklik geïllustreer en die leerling word tot self-aktiwiteit geprikkel deur middel van vrae te beantwoord in verband met die prentjies voor hom; prentjies in te kleur; self iets op te grawe tuis; versnipperde prentjies weer aanmekaar te voeg; figure en toneeltjies te modelleer in hoofdelike- of groepwerk; illustrasies na te teken; 'n toneelstukkie saam te stel, ens. Ongetwyfeld word hier meesterlik gebruik gemaak van erkende onderwysbeginsels en die leerling word in 'n verbeeldingswêreld ingelei wat egter so veraanskoulik word dat dit vir hom 'n werklikheid moet wees. Hier kry hy 'n begrip van die oermens en sy eenvoudige lewenswyse.

Die tekeninge is eenvoudig, sodat leerlinge self poginge kan maak om hulle na te teken en die behendige onderwyser kan groter tekeninge van dieselfde dinge op die swartbord maak. Persoonlik is ek van mening dat die moderne neiging om kindertjies in die laagste klasse heeltemal op hulle eie verhale, en selfs Bybelverhale te laat illustreer, 'n fatale fout is, want dit bring te veel wangedrogte en gevolgelik wanvoorstellinge en wanbegrippe te voorskyn. Die prentjies in hierdie betrokke pamfletjies kan as baie beter leidraad dien.

Die taal van sulke pamflette moet eenvoudig wees en goed verstaanbaar vir die kind; dit kan wel geleidelik verander om aldeur aan te pas by die ontwikkelingstadium van die kind.

---

(2) Nuwe Leerplanreeks: Geskiedenis, Standerd I, Pamflette 1 - 4; Die mense van die Vroegste Tye, deur J. Oosthuizen.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die pamfletjies vir die Geskiedenis van Standerd II begin met die lewenswyse van die eerste bewoners van Italië. Hier is 'n praktiese illustrasie van die sogenaamde een-been land, waarby die vorm en eerste aardrykskundige beginsels van die land aan die kind tuisgebring word. Geleidelik gaan dit dan ook oor tot verhaaltjies, soos die van Romulus en Remus. (3)

Vervolgens word behandel die oorlogswapens, middele van vermaaklikhede:wedrenne met oorlogskarre, stiergevegte, sirkus, ens., en die verhaal van hoe Horatius Rome gered het. (4) Die praktiese take wat die leerlinge opgelê word kom ooreen met die van Standerd I, maar hier word selfs 'n kruiswoordraaisel bygevoeg, waar name van persone, riviere, stede, ens., moet ingevul word - almal name wat in die behandelde werk voorgekom het. Dit is seker 'n doeltreffende manier om die leerlinge te laat onthou. In die volgende drie pamflette word die geskiedenis van Hannibal behandel en daar word gebruik gemaak van dieselfde soorte take. (5)

In die volgende twee pamflette word weer die toestande en lewenswyse van die Romeine behandel en Julius Caesar word self aan die woord gestel om te gesels met die kinders oor sy skooldae, die strydkarwedrenne, ens.; ook 'n goeie metode om die verlede voor die verbeelding van die leerlinge te laat oplewe. (6)
In die take word nou gebruik gemaak van kort opstelletjies deur leerlinge geskrywe oor die behandelde onderwerpe. Hierdie opstelle moet dan in die pamflette bewaar word.

Hierdie pamflette lê dus klem op sekere aspekte van die geskiedenis, en veral op die alledaagse dinge, wat in die bereik

---

(3) Nuwe Leerplanreeks: Geskiedenis, Standerd II, Pamflet I: „Die Stigting van Rome", deur J. Oosthuizen.

(4) idem: Pamflet II.

(5) idem: Pamflette 3 - 5.

(6) idem: Pamflette 6 - 7.

© University of Pretoria  Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die leerling gebring word soos Hattesley dit graag wil sien:-

„Until very recent times school text-books gave prominence to striking and picturesque occurrences, and scarcely referred to the more homely everyday things with which the children had some familiarity. What men made with their hands, how they wrested a living from the soil, and what they believed about the structure of the universe may well be more suggestive to the children of today than the wars which monarchs waged and the empires which they established". (7)

Die begripskring van die leerling moet in aanmerking geneem word, afgesien van wat ook al in die leerplan bevat is. Waar Caesar self gesels oor sy skooldae, moet dit 'n baie duidelike indruk maak op die geheue van die kind.

Die „Nuwe Leerplanreeks" begin die Standerd III-geskiedenis met „Die val van Konstantinopel" en gaan dan oor na die „Renaissance" waar die kunstenaars Leonardo da Vinci, Michel Angelo en Rafael op uiters interessante manier behandel word. (8)

Uit die aard van die saak moet die werk hier baie veraanskoulik word, want kunswaardering is in die eerste plek 'n saak van die oog en in die tweede plek 'n saak van die hart. Die take wat hier van die leerling verwag word is dan ook meer die studie van bepaalde kunswerke van die betrokke kunstenaars. Die onderwyser kan hier baie nuttig gebruik maak van goeie afdrukke wat in Standaardwerke gevind word. Hierdie drie groot kunstenaars kan so behandel word dat hulle altyd as bekende figure in die herinnering van elke leerling sal naleef, en dan kan bereik word wat Kilpatrick beoog:-

„If the persons and events described are pictured so vividly that they occupy as prominent a place in our thoughts as memories

---

(7) History Teaching in Schools - A.F.Hattersley, p. 14.

(8) Nuwe Leerplanreeks: Geskiedenis, Standerd III, Pamflette 2 - 4: Kuns van die Renaissance-Tydperk, deur J. Oosthuizen.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of persons we have seen and events we have observed, then history and literature has done for us in part what a longer life and a wider social experience would do". (9)

As 'n hulpmiddel vir die onderwyser word ook 'n lysie van geskikte boeke oor beroemde kunswerke aan die end van elke pamfletjie aangeheg.

By die Renaissance word verder die boekdrukkuns behandel en in die take word gebruik gemaak van aansluiting by die kunsvlytklasse, deur lino-snywerk, o.a. toe te pas in die maak van letters van verskillende soorte en hulle dan in ink of verf af te druk. Hier doen die leerling dan self in 'n mate drukkuns.

In die volgende Pamflette oor die Hervorming en Ontdekkingreise word in die take gebruik gemaak van die inkleur van gegewe sketskaartjies; die inskrywe van behandelde name van plekke en persone in blokkies; en die skrywe van geskikte opstelletjies oor behandelde onderwerpe. Leerlinge word hier in staat gestel om hulle verkreë kennis toe te pas en die onderwyser kry die geleentheid om te toets of die leerlinge die behandelde stof begryp het.

In die Pamflette in verband met die geskiedenis vir Standerd IV word o.a. die Franse Rewolusie behandel en die take wat daarop volg, bevat die volgende: inkleur van kaarte; samestelling van 'n lys van name van betrokke historiese persone en die dramatisering van tafereeltjies uit die geskiedenis. Laasgenoemde is 'n uitstekende middel om die geskiedenis te verlewendig en die leerlinge hulle in 'n mate te laat inlewe in die gebeurtenisse en aktiwiteite van die verlede. Die meegaande tekeninge in die pamflette is ook van groot waarde: Hier kom veral persone voor soos Voltaire, Rousseau, Mirabeau, Marie Antoinette, e.a., per-

(9) Imagination and its Place in History: Edwin A. Kilpatrick, p. 197.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sone wat deur hulle voorkoms 'n onvergeetlike indruk op 'n kind maak. (10)

In die volgende drie Pamflette word behandel die Eerste Engelse Verowering van die Kaap tot en met die jaar 1834. Die onderwerpe word nou taamlik breedvoerig bespreek. Dis nie blote verhale meer nie, maar meer vaste spyse, meer ware geskiedenis. Vir leerlinge van tien en elf jaar is dit ook noodsaaklik om nou tot werklike geskiedenis te kom. Nie alleen persone moet nou beklemtoon word nie, maar ook strominge en bewegings. Oorsaak, gebeurtenis en gevolg moet ook nou 'n duidelike, logiese eenheid begin vorm. Hierdie Pamflette is ook deur L. Campher opgestel. Aan die end van Pamflet 5 word 'n opsomming gegee van die vernaamste feite en die take bestaan uit soortgelykes as wat reeds genoem is, asook die teken van kaarte op 'n sandtafel, die skrywe van opstelletjies en selfs 'n speletjie wat 'n geveg voorstel: soldaatjies wat met 'n albaster omgeskiet word. Laasgenoemde is mynsinsiens egter te kinderagtig op hierdie stadium van die geskiedenisonderrig en die trap van ontwikkeling van die kind.

In 'n viertal Pamflette word vir Standerd V die lewenswyse van die Trekkers in die Transvaal behandel. (11) Hierdie onderwerp bied geskikte geleenthede aan om die maatskaplike en kulturele aspekte van die Trekkers te beklemtoon en die skrywer maak dan ook baie goed gebruik daarvan. Hier word die self-aktiwiteit van die kind ook doeltreffend opgewek en bevredig deur baie interessante take, o.a. noem ek graag die volgende:

„(1) Noem die deugde van die Voortrekkertantes, waarvan julle in die pamflet gelees het.

---

(10) Nuwe Leerplanreeks: Geskiedenis, Standerd IV, Pamflet 2: Ontevredenheid van die Franse Volk met hulle Regering lei tot die Franse Rewolusie, deur L.Campher.

(11) Nuwe Leerplanreeks: Geskiedenis, Standerd V, Pamflette 1 - 4: Pionierslewe in Transvaal, deur J.J.N.Kruger en J.H.P. van Zyl.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(3) Wat is jou volle naam? Vind by jou mammie uit waarom jy juis die naam gekry het en wie van jou familie nog die naam dra.

(5) Skryf die name neer wat Gertjie aan sy osse sou gegee het.

(6) Maak 'n lappop soos in skets twee voorkom". (12)

Verder moet die leerling 'n papiertjie vou in die vorm van 'n dier se oor en dan die verskillende werke daarin uitsny, soos die Boer sy diere gemerk het: stompoor, swaelstert, halfmaantjie, ens.

Vervolgens word doeltreffend behandel die voedsel, rate in tyd van siekte, klerednag, wapens, implemente en allerhande dinge uit daardie vervloë dae. Mooi illustrasies in die vorm van noukeurige sketse kom voor van: die driebeenpot, spit, es, viervoet, komfoor, stampblok en stamper, kappie, rok, klapbroek, dissel, bakoond, vysel en stamper, kandelaar, snuiter, houtploeg, houteg, slee, e.a.

Op hierdie manier word die leerling verplaas in 'n wêreld van dinge wat vandag haas uitgesterwe en verdwyn het en wat tog so 'n onontbeerlike deel uitgemaak het van ons voorouers se lewe. Wat veral beklemtoon word, is die merkwaardige feit dat die Boer-pionier in sy eie behoeftes voorsien het in so 'n mate dat hy byna geheel en al 'n bestaan, onafhanklik van die buiteland kon voer.

Vir Standerd VI is tot dusver geen Pamflette vir Geskiedenis onder die „Nuwe Leerplanreeks" gereed nie, maar as hulle verskyn sal dit wel 'n hoëre voortsetting wees van die werk van die laer standerds. Hier kan ook nie sprake wees van volledige behandeling nie, maar wat ek genoem het was net om aan te toon dat hierdie pamflette baie naby kom aan die ideale reeks handboekies

---

(12) idem, bl. 4. (Pamflet I).

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarna lankal op ons skole uitgesien is. Ons moet in aanmerking neem dat die laerskool-onderwyseres in die meeste gevalle maar twee-jaar naskoolse onderwys-opleiding ontvang het. Sy het nie in een enkele vak gespesiâliseer nie en tog word van haar verwag om as 'n deskundige in elke vak voor haar klas op te tree. Hierdie reeks pamflette voorsien dus in 'n uiters dringende behoefte om vak, metode en stof binne die bereik van elke laerskool-onderwyser of -onderwyseres te plaas. Dit sal meer vertroue inboesem, meer kennis tuisbring en meer vrugte op die arbeid van die onderwys afwerp. Die grootste beswaar wat ek kan sien en wat ek as 'n leemte in die pamflette kan aanhaal, is dat die skrywers byna deurgaans miskien 'n te gevorderde taal gebruik en dat die kind uit die minder gegoede klasse plek-plek verbyster sal word deur woorde waarvan hy die betekenis maar nie kan peil nie. Dit sal dan veel skade doen aan die inhoud van wat meegedeel word.

Die take wat uit die pamflette voorkom is baie doeltreffend en prakties en sluit pragtig aan by Kunsvlyt wat op ons skole 'n al groter plek begin inneem in ons tyd. Hier is nou voorwaar nie meer 'n blote relaas van feite, wat in die verlede Geskiedenis die onverdiende naam van 'n „droë vak" besorg het nie.

Aanvullend kan die onderwyser nog altyd doeltreffend gebruik maak van geskiedenis-albums; lyste met begripsverklarings soos wat verstaan word deur „maatskappy", „familie", „staat", ens.; en vir sy of haar eie gebruik van breër bronne, wat reeds in die pamflette vermeld word. Groot landkaarte, tydkaarte, ens. kan ook nog altyd van groot betekenis wees by die onderwys van Geskiedenis.

## GESKIEDENIS-HANDBOEKE VIR DIE HOëRSKOOL.

Hoewel die inhoud van 'n handboek altyd bepaal word deur die voorgeskrewe leerplan om doeltreffend te kan wees, hang tog veel af van die metode van behandeling. Die hoërskool-leerling verkeer vir 'n groot deel in die tyd van puberteit en adolesensie en hierby

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sal die metode van behandeling van die vak moet aanpas. In die lewe van die kind is dit b.v. nou die tydperk van helde-verering en daarom moet klem gelê word op navolgingswaardige persoonlikhede en bewegings in die geskiedenis van die vaderland en van die mensdom. Veel kan deur middel van hierdie vak gedaan word aan karaktervorming, deur die inskerping van vaderlandsliefde en nasietrots en so kan gekweek word nuttige en besielde burgers, selfs in 'n land met 'n kosmopolitiese bevolking soos in Suid-Afrika wel die geval is. Hier kan ons weer Gie en Lindeque se werke as voorbeelde neem.

Die geskiedenis mag egter nie verwring word nie; dit moet alleen 'n saak wees van mindere of meerdere beklemtoning van sekere feite en toestande.

Een handboek kan nooit aan alle vereistes beantwoord nie, maar ook hier soos in die laerskole, word die behoefte gevoel van 'n reeks boekies, deur verskillende deskundiges in die vak geskrywe om die leerplan van die hele hoërskool te dek. So 'n reeks handboekies bestaan nog nie, maar miskien word in die nabye toekoms ook hiermee 'n begin gemaak en van sulke ideale handboekies sou ek die volgende eienskappe verwag.

1. Genoegsame stof moet behandel word om die nodige kennis mee te deel. Elke onderwerp moet dus breed genoeg voorkom om by die betrokke deel van die leerplan en die betrokke Standaard aan te pas.

2. Korrelasie van Vaderlandse en Algemene geskiedenis moet genoegsaam aangetoon word, sodat die leerling die betrokke tydperk as een groot geheel sien. Die oor-en-weer metode soos deur Gie toegepas is meer aan te beveel as die beurtelingse metode soos Lindeque dit toepas.

3. Gepaste aanhalings, sorgvuldig gekies uit bronne, maar volledig aangewys, sal die leerling in staat stel om die bron gemaklik self na te slaan. 'n Skoolleerling het meer hulp nodig as

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n student aan die Universiteit. Dit kan nie verwag word dat die leerling self sal studeer, sonder noukeurige hulp nie. By die aanhalings moet dus die bladsye aangegee word en nie alleen die naam van bron en skrywer nie. Sulke bronne moet, sover moontlik, in die skool-biblioteek aanwesig wees.

4. Die stof moet oor die algemeen nie puntsgewyse ingedeel word nie, maar wel in duidelike paragrawe. Dit moet die leerling in staat stel om 'n deeglike uittreksel te maak van 'n stuk geskiedenis wat globaal gesien is en nie die indruk maak van reeds opgesom te wees nie. Die leerling kan dan sy uittreksel of opstel aanvul deur verdere informasie uit bronne te kry, al na gelang van die vraag wat moet beantwoord word. In die hoërskool is die antwoord op 'n geskiedenis-vraag immers altyd in die vorm van 'n opstel.

In enkele gevalle kan wel punte aangestip word, soos b.v. die voorwaardes van 'n traktaat, soos die Konvensies van Sandrivier of Bloemfontein; of die Artikels van die Grondwet van die Unie.

5. Sketskaarte bly altyd 'n baie belangrike hulpmiddel en hoort in enige goeie geskiedenis-handboek te verskyn. So 'n kaartjie moet egter doelmatig geteken wees, met alleen die essensiële besonderhede en geen oortollige besonderhede nie, want anders kan 'n atlas maar dieselfde diens doen. Die kaart moet die leerling help om presies en duidelik te sien wat bedoel word, n.l. dit wat hy nie maklik self kan teken nie of maklik op 'n landkaart self kan vind nie. Kaarte moet ook ingekleurd wees, want dit help die oog om te differensiëer. 'n Ongekleurde kaart skep die indruk van vae, vale eentonigheid en eis onnodige inspanning om die nodige raak te sien.

Die tekenaar van sketskaarte moet nie alleen 'n geskiedkundige wees nie, maar ook 'n aardrykskundige met 'n mate van kunsaanleg.

6. Mooi taal en styl is essensiëel vir 'n goeie handboek, want

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy moet hoogstaande literêre waarde besit; 'n goeie vlot verteltrant; beskrywende, skilderende taal, passende en verrassende beeldspraak veral wat vergelykinge betref; die styl moet rys en daal in tempo, sober of emosioneel wees, al na gelang van die onderwerp wat beskryf word.

Die skrywer van die handboek moet self vuur en geesdrif aan die dag lê om sy lesers te inspireer en die geskiedenis reëel en daadwerklik voor te stel. Sy sprankelende gees moet soos 'n heldere glans oor die duistere deeltjies van die geskiedenis heenflits en ook die donkere hoekies van die onderwerp verrassend belig.

Dikwels slaag 'n geskiedenis-kandidaat nie of behaal slegs lae punte, bloot deur swak taal en styl, al sou hy 'n groot voorraad feite-kennis besit. Die leerling sal aangemoedig word om goed te skryf as die handboek goed geskryf is. Hierin het Gie sover seker die beste geslaag, soos reeds aangetoon is.

Die literêre waarde van die geskiedenis handboek word ook baie bepleit deur Hattersley. (13)

7. Illustrasies is 'n baie vername vereiste vir die geskiedenis-handboek, want 'n boek daarsonder is dood, selfs vir die hoërskool-leerling. Vir die hoogste klasse kan dit nog altyd dien om die geskiedenis op te helder en duideliker toe te lig. Hier moet die tekeninge waar en oortuigend wees, deur 'n kunstenaar self daargestel. Eric Stockenström het reeds lankal in sy handboeke dit beoog, hoewel die sketsportrette van sommige van die vernaamste persone egter veel te wense oorgelaat het.

Karrikature moet vermy word! Paul Kruger moet b.v. in 'n tekening of portret gesien word soos Jan Celliers hom reeds in gebeeldhoude taal verewig het, met die enkele woorde:

---

(13) „History Teaching in Schools", - A.F. Hattersley.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„breed en bonkig van stuk". 'n Afdruk van Coetzer se „Bloedrivier" sal meer tot die verbeelding van die leerling spreek as wat enige beskrywing in woorde kan doen.

Ons handboeke vir die gebruik van die hoërskool toon oor die algemeen 'n skreiende gebrek aan illustrasies en het hulle alleen op die geskrewe woord verlaat. Die opvoedkundige prinsiep van tot soveel sintuie moontlik te spreek, is in hierdie opsig skromelik verontagsaam deur ons skrywers van handboeke.

8. Tydkaarte kan altyd van betekenis wees om 'n beknopte oorsig wat die geskiedenis as 'n geheel laat sien en wat maklik is om na te slaan, indien nodig.

## HULPMIDDELS WAT AANSLUIT BY EN UITVLOEI UIT DIE HANDBOEK.

Middels wat oor die algemeen gebruik word by die onderwys van geskiedenis is reeds deur Havinga in sy verhandeling breedvoerig bespreek. (14) Tog is daar enkele hulpmiddels wat so nou saamhang met die gebruik van die handboek dat ek hulle hier moet noem.

Soos reeds aangedui, moet handboeke duidelike aanhalings uit en verwysings na geskiedenis-bronne en standaardwerke bevat. Hierdie bronne en ander boeke moet derhalwe binne die bereik van die leerling wees, om hom in staat te stel om hulle na te slaan en te raadpleeg. Daarom moet elke skool of geskiedenis-kamer 'n goedvoorsiene biblioteek bevat met sover moontlik al die bronne wat in die handboeke genoem word. Die ywerige leerling met die liefde vir sy vak, s al graag self 'n bietjie navorsingswerk doen en dit gee hom al 'n bietjie voorbereiding vir sy moontlike, latere studie aan die Universiteit. Die waarde van 'n goedtoegeruste biblioteek is dus onskatbaar:-

„It is to be hoped that the time will come when a good working library will be considered as essential a part of the equipment

---

(14) Die Onderwys van Geskiedenis in die Middelbare Skool, deur J.F.E.Havinga. (Onuitgegee).

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of any elementary or secondary school as desks, exercise books or scientific apparatus". (15)

Die Geskiedenis-biblioteek moet werke bevat soos die van Theal, Cory, ens., sowel as werke oor spesiale onderwerpe: ekonomies, maatskaplik, ens., oor die eie sowel as oor die vreemde geskiedenis. So ook moet daar wees historiese albums soos die van Van Molsbergen, en bronne soos die dagboeke van Van Riebeek, Louis Trigardt, Adam Tas, e.a. Daar kan ook aanwesig wees 'n aantal van die mees bekende handboeke wat tot dusver op ons skole gebruik was.

Historiese literatuur van 'n periode kan op verskillende maniere in die hoër klasse gebruik word by die onderwys van geskiedenis. 'n Lys van boeke, verhale, gedigte, ens. kan opgestel word en in die bereik van die leerlinge geplaas word. Sulke boeke kan weer in die Afrikaanse of Engelse biblioteek op die skool aanwesig wees. Daar die geskiedenis van die Afrikaanse Volk 'n baie bekende en gewilde letterkundige motief by ons geword het, beskik ons alreeds oor 'n aansienlike groot aantal werke wat hier nuttig gebruik kan word. Die onderwysers wat tale en die wat geskiedenis doseer kan saam 'n korrelerende lys van werke opstel en aan die leerlinge gee.

Een Engelse skryfster wys daarop dat in Engeland nie alleen handboeke vir die gebruik van die leerlinge opgestel word nie, maar ook vir die van die onderwyser. (16)
Sulke boeke bevat veral hulp vir die onderwyser wat geen spesialis is nie. Hierin kom voor: metodes om die onderwerp te nader, die les te behartig, hoe om tydkaarte te maak, ens. Ook word hierin bronne aangegee oor kaarte en uittreksels.

Baie praktiese take soos in die geskiedenis-pamfletjies vir

---

(15) The Teaching of History - Charles H. Jarvis, p. 179.

(16) The Teaching of History in English Schools - Olive E. Shropshire.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die laerskole kan hier nie meer verwag word nie, maar hier kan nog af en toe gebruik gemaak word van 'n debat of 'n historiese toneelstuk om by die geskiedenis aan te sluit.

Mag ons hoop dat daar in die nabye toekoms 'n reeks geskiedenis-handboekies of pamfletjies ook vir die gebruik van die hoërskool sal verskyn en dat hulle minstens so doeltreffend sal wees as die wat reeds vir die laerskool verskyn.

Dit sal seker veel bydra tot die vooruitgang van die Onderwys van Geskiedenis op ons skole en, wat meer is, tot meer liefde vir die vak, by beide onderwyser en leerling.

---

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## LITERATUURLYS.

Aitton: Leesboek over Geschiedenis, voor scholen in de Suid-Afrikaansch Republiek. Uitgegeven door de Nederlandsch Z.A. Vereeniging (Amsterdam, J.H. de Bussy, 1892.)

Barckenhagen, C.: Aardrykskunde en Geschiedenis van den Oranje-vrijstaat. (Bloemfontein, O.V.S. Nieuwsblad Maatschappij.)

Bauling, F.E.: Maskew Miller se Nuwe Geschiedenis en Burgerkunde.

Beswick, F.: History and Geography of South Africa, 1890.

Bleby, A.S.: South Africa and the British Empire.

Bosman, dr. F.C.L.: Drama en Toneel in Suid-Afrika, 1928.

Bosman, dr. I.D.: Dr. George Mc Call Theal as die Geskiedskrywer van Suid-Afrika.

Bot, A.K.: Algemene Geschiedenis en Burgerplichten, 1918.

Bot, A.K. en Kritzinger, M.S.B.: Die Letterkundige Leesboek.

Brugmans, dr. H. en Kernkamp, dr. G.W.: Algemene Geschiedenis, Deel III.

Campher, L.: Die Franse Rewolusie: Nuwe Leerplanreeks: Geskiedenis: Standerd IV.

Cloete, J.M.: Laer Geskiedenis vir die Skole in Transvaal. (J.H. de Bussy, Pretoria.)

De Lima, J.S.: Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, 1825.

De Mist, J.A.: School-Ordre.

Friedrich, F.: Stoffe und Probleme des Geschichts-unterrichts - Dritte Auflage, 1925; Teubner, Leibzig & Berlin.

Fox, Dixon Ryan: Americanising American History: Art. in „History", Jan. 1929, Deel XIII, No. 52.

Gie, dr. S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I.

" " " " ": Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel II.

Girdlestone, H.C.: Europe: Its Influence on South Africa, 1912.

Godeé-Molsbergen, dr. E.C.: Geschiedenis van Zuid-Afrika voor Schoolgebruik, 1910.

" " : Mijn Eerste Geschiedenislesjes, 1914.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Godeé-Molsbergen, dr. E.C. en Visser, Joh.: Zuid-Afrika's Geschiedenis in Beeld. Platen-atlas. Met 350 platen.

Hartill, Marie: Maskew Miller's Nieuwe Geschiedenis van Zuid-Afrika tot 1920. (Hollandse uitgawe deur J. Dijksterhuis.)

Hartill, Marie en Slater, Edith D.: Maskew Miller's Geschiedenis van Zuid-Afrika, vanaf 1820 tot Heden.

Hattersley, A.F.: History Teaching in Schools.

Havinga, J.F.E.: Die Onderwys van Geskiedenis in die Middelbare Skool, 1937. (Onuitgegee.)

Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift.

Higgs-Walker, J.A.: The Teaching of History in Schools. Art. in „History", Jan. 1926. Deel X. No. 40.

Hofmeyr, N.: Kijkjes in Onze Geschiedenis, 1893.

" " : Kykies vir Kinders, Deel II, 1933.

Hope, C.D.: Our Place in History.

Imker-Hoogenhout, P. en v.d.Velde, P.H.: Schetsen uit de Geschiedenis (Tweede Druk, 1914)

Jarvis, Charles H.: The Teaching of History, 1917.

Johnson, H.: Teaching of History.

Kammeijer, H.W. en Van Rooyen, H.H.: Sketse uit die Vaderlandse Geskiedenis, Dele I en II.

Keatinge, M.W.: His tory, 1913.

Kruger, J.J.N. en Van Zijl, J.H.P.: Pionierslewe in die Transvaal: Nuwe Leerplanreeks: Geskiedenis. Standerd V.

Lindeque, B.G.: Suid-Afrikaanse en Algemene Geskiedenis, vir Kaapse en Transvaalse Middelbare Skooleindeksamen,
Deel I. (Vir Junior Matriek).
Deel II. (Vir Senior Matriek).

Malan, M.A.: South African History. Standard VI. (Maskew Miller, Ltd.)

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Malherbe, dr. E.G.: Education in South Africa, 1925.

Memoranda on Curriculum: London County Council, 1933.

Nienaber, drs. G.S. en P.J.: Die opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal.

Odé, G.A.: De Geschiedenis van Zuid-Afrika in schetsen en verhalen, voor de Scholen in Z.A., 1892.

O'Kulis, Dr. (Ds. W. Postma.): Die Eselskakebeen, 1909.

Oosthuizen, J.: Die Mense van die Vroegste Tye: Nuwe Leerplanreeks: Geskiedenis: Standerd I.

" " : Die Stigting van Rome: Nuwe Leerplanreeks: Geskiedenis: Standerd II.

" " : Kuns van die Renaissance-Tydperk: Nuwe Leerplanreeks: Geskiedenis: Standerd III.

Pierce, Prof. Bessie: Public Opinion and the Teaching of History in the United States, New York, 1926.

Rose, J.H.: Verhalen uit de Algemene Geschiedenis voor Scholen en Huisgezinnen.

Schoonees, dr. P.C.: Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging.

Shropshire, Olive E.: The Teaching of History in English Schools.

Sidwell, H.B.: The Story of South Africa, 1900.

Skinner, W.: Juta se Geskiedenisleesboeke vir die Primêre Skool.

Stockenström, Eric: Handboek van die Geskiedenis van Suid-Afrika tussen 1652 en 1892 (1921.)

Theal, G.M.: Compendium of S.A. History and Geography. (Eerste uitgawe 1874, tweede 1877.)

" " ": History and Ethnology of S.A.

" " ": Korte Geschiedenis van Zuid-Afrika, 1486 - 1814. 1890.

" " ": Theal's Little History of South Africa, 1900.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Eck, P.L. Jr.: Hoe't Vroeger was. (Schetsen ter inleiding tot de Geschiedenis van Onderwijs en Opvoeding), 1927.

Walker, Eric A.: Moderne Geskiedenis vir Afrikaners. (Maskew Miller.)

Whiteside, Rev. J.: A New School History of South Africa, with brief biographies and Examination Questions (Juta & Co.), 1894.

Wilmot, A.: History of the Cape Colony, for the use of Schools (1871 en 1885.)

" " : Manual of S.A. History, 1901.

" " : The Story of the Expansion of South Africa, 1895.

Young, Thomas: Maskew Miller's Short History of South Africa and its People, 1909.

© University of Pretoria Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017